

die bevolking van die selfregerende kolonies na die twee miljoen, en bewus van hulle eie krag, bewus ook van die feit dat hulle na die verdrywing van die Franse regering uit Noord-Amerika die beskerming van die moederland nie meer nodig had nie, staan hulle nou op eie bene. Die gevoel dat hulle in werklikheid selfstandig was, bind hulle aan mekaar, en juis in hierdie tyd leer hulle ook van Locke, Montesquieu en Rousseau dat vrye selfbeskikking die onvervreembare erfenis van alle volke is. Die nuwe konstitusionele teorieë vind ingang in Amerika, en van New Hampshire tot in Georgia was die pers en die alledaagse gesprekke vol van die natuurlike regte van die mens.

Waar die kolonies, hoe uiteenlopend van karakter en los van mekaar hulle ook mog wees, almal op dieselfde manier selfregerend was, en in die nuwe konstitusionele teorieë 'n gemeenskaplike bestaansgrond vir hulle geërfde vryheid kon vind, was dit baie gewaag om 'n botsing met hulle op hierdie grond te verwek. Die Britse regering, blind vir die tekens van die tyd en sterk beïnvloed deur Georg III, die laaste Engelse vors wat probeer het om deur ministers van sy eie keuse te regeer, het die waagstuk onderneem.

Die Sewejarige Oorlog het aan Engeland 'n skuldelaas van £140,000,000 besorg, en Grenville, die kanselier van die skatkis, wou die Amerikaanse kolonies, aangesien die stryd grotendeels in hulle belang was, medeverantwoordelik daarvoor maak. Hy wou op twee maniere hulle finansiële hulp inroep. Hy het gevind dat die Nawigasiewette byna 'n dooie letter in Amerika was; uit 'n jaarlikse konsumpsie van anderhalf miljoen pond tee b.v., is nege-tiendes daar ingesmokkel; en hy het dus afgestuur op 'n veel strengere toesig. Hy het verder in 1765 die Engelse parlement beweeg om 'n stempelbelasting vir die Amerikaanse kolonies goed te keur. Die verskerpte toepassing van die Nawigasiewette was nie in stryd met die oorgelewerde regte van die koloniste nie; hulle het nog altyd die bevoegdheid van die Engelse parlement om hulle handel met die buiteland te kontroleer, erken; maar die stempelbelasting het direk ingedruis teen 'n ou vasstaande beginsel, nl. dat in die kolonies geen belasting sonder die outorisasie van die eie wetgewende liggame kon gehê word nie. So groot was dan ook die opskudding in Amerika, dat 'n nuwe Engelse ministerie onder Rockingham reeds in 1766 die stempelbelasting laat herroep het, maar gelyktydig is 'n "Declaratory Act" deur die Engelse parlement aangeneem, waarvolgens dit die reg om enige wet vir die kolonies te maak, besit en behou. Met die val van die

Rockingham-ministerie in 1766 het William Pitt, nou lord Chatham, die teuels van die bewind vir die laaste keer oorge- neem, en dit is miskien die grootste tragedie in sy lewe dat hy, wat Kanada vir Engeland gewen het, in naam die leier was van 'n regering, wie se maatreëls die afval van die veel belangriker kolonies veroorsaak het. Pitt was swak en siek, toe sy kabinetskollega, Townshend, in 1767 met die heffing van invoerregte op tee, glas, lood, papier en verf in Amerika weer die gevaarlike aanspraak van die Engelse parlement, om die koloniste sonder hulle eie goedkeuring te kan belas, op die tapyt gebring het. 'n Nog groter opskudding het aan die anderkant van die Atlantiese Oseaan gevolg, en lord North, die opvolger van Townshend, het uiteindelik al die invoerregte weer laat val — met één uitsondering: hy het dié op tee gehandhaaf. Hy wou die beginselreg van die Engelse parlement op die voorgrond hou, en dit was juis 'n fatale misstap, want vir die Amerikaners was die beginsel die groot saak. “No taxation without representation” was hulle leuse. North was 'n instrument van Georg III, en het met sy vors gemeen dat Engeland desnoods met geweld sy wil in die kolonies moes deursit. Pitt was nie bereid om so ver te gaan nie, en hy en sy vriende het die ministerie verlaat. Hy, kragtig gerugsteun deur die groot redenaar, Burke, het voortaan probeer om die Britse regering tot 'n verstandiger politiek te beweeg, maar al hulle welsprekendheid was nie in staat om die gesagvoerders in Engeland van hulle dwaalspoor af te bring nie.

Die brandpunt van die Amerikaanse verset was Boston, en hierheen het North Britse troepe gestuur om die orde te handhaaf. Ook dit was 'n fout, want die verskyning van die vreemde soldeniers en 'n bloedige botsing tussen hulle en 'n volksoploop het die koloniste nog meer verbitter. In Desember 1773 gaan 'n aantal jong Amerikaners, in Indië-drag vermom, aan boord van 'n skip wat in die hawe van Boston lê en gooi al die tee in die see. North antwoord deur die hawe vir in- en uitvoer te sluit en die konstitusionele vryhede van Massachusetts, ook die reg om in die openbaar te vergader, in te trek. Verder word bepaal dat oproermakers voor die houe in Engeland sou gebring word. Die ander kolonies maak dadelik gemene saak met Massachusetts. In September 1774 vergader die eerste “Kontinentale Kongres” in Philadelphia. Al die kolonies met één uitsondering, nl. Georgia, was daarop verteenwoordig, en manne soos George Washington van Virginia en Samuel Adams van Boston tree op as die woordvoerders van die koloniste. Die Kongres het sy lojaliteit aan die

koning betuig, maar tewens die politiek van die Engelse regering teenoor die kolonies skerp veroordeel, die verset van Massachusetts goedgekeur en die alleenreg van die Wetgewende Vergaderings om in die kolonies belastings te hef, prinsieel gehandhaaf.

In die tussentyd wapen die koloniste hulle, en veral in Massachusetts was die koloniale miliesie baie begerig om die vreemde huurtroepe uit die land te verwyder. In April 1775 stuur generaal Gage 'n afdeling troepe uit Boston om in 'n naburige dorp, Concord, 'n voorraad ammunisie, wat anders in die hande van die Amerikaners sou val, te vernietig. Die doel van die ekspedisie word verwesenlik, maar die Britse troepe word onderweg by Lexington deur die koeëls van die koloniste begroet, en met moeite het hulle Boston weer bereik. Die Amerikaners het Bunkers Hill, agter die stad geleë, beset, en ofskoon hulle eenkeer deur die beter gewapende en gediiplineerde Britte daarvan afgeja is, moes generaal Howe, die opvolger van Gage, uiteindelik tog in Maart 1776 sy leër inskep en veiligheid in Nu-York gaan soek.

Die sukses van die koloniste in die noorde was groten-deels die gevolg van die aanstelling deur die tweede Kontinentale Kongres in Junie 1775 van George Washington tot opperbevelhebber. Dat die kolonies oor die dienste van so 'n man kon beskik en hom tot hulle leier uitgekies het, was 'n teken van hulle sedelike erns en 'n waarborg vir die goeie uitloop van hulle stryd. Washington was 'n groot man in die beste sin van die woord. Sy waarheidsliefde is nog spreekwoordelik. Sy vasberadenheid, dapperheid en onselfsugtige toegewydheid (nes die groot Boere-leiers wou hy geen vergoeding as opperbevelhebber in ontvangs neem nie!) het inspirerend gewerk. Hy was 'n staatsman van die eerste rang, en sy militêre talent, vroeg ontwikkel in die grensoorloë teen Franse en Indiane, het dié van die opgeleide Engelse generaals, teen wie hy nou moes veg, oortref.

Dit was nie die oorspronklike bedoeling van die Amerikaners om hulle van Engeland af te skei nie. In 1774 skrywe Washington uit Philadelphia waar hy die Kongres bygewoon het: "I am well satisfied that no such thing as independence is desired by any thinking man in all North America." In die daaropvolgende tien jare het egter veel gebeur, wat hierdie algemene opvatting ingrypend gewysig het. Benjamin Franklin, die Amerikaanse verteenwoordiger by die Engelse regering, het gevind dat koning Georg en sy ministers alle pogings tot versoening van die hand slaan, en diep gekrenk het hy die

oog na Frankryk gerig, waar die lus om die ou erfvyand nog 'n keer te pak aan die groei was. 'n Geesdriftige bewondering vir die Amerikaners, wat vir "die natuurlike regte van die mens" veg, versterk hierdie lus, en die waarskynlikheid dat die kolonies Franse steun sou kry, doen hom voor. Die Amerikaners, aangemoedig deur hulle eie suksesse en die publieke opinie van 'n groot deel van die beskaafde wêreld, stel hulle mikpunt ook nou veel hoër, en op 4 Julie 1776 volg in die vorm van 'n formele kongresbesluit die onafhanklikheidsverklaring van die Verenigde State van Noord-Amerika.

Franklin, uit Engeland verbitterd teruggekeer, het deelgeneem aan die kongres-sitting wat die groot stap gewaag het om die band met Engeland te breek, en onmiddellik daarna is hy na Frankryk gestuur om daar steun vir die nuwe republiek te soek. Opsetlik eenvoudig gekleed en verkwikkend ongekunsteld in sy optree, het hy die kuns verstaan om as 'n tiepe van die "natuurlike, vrye mens" baie die aandag te trek, en ofschoon die Franse regering nog gehuiwer het om definitief die oorlog aan Engeland te verklaar, was die groot massa van die Franse volk geesdriftig aan die kant van die Amerikaners en het 'n aantal vrywilligers onder die markies De Lafayette hulle gaan help. Onderwyl behaal Washington met sy sleg uitgeruste miliesiemag 'n groot oorwinning, wat 'n keerpunt in die stryd word.

Generaal Howe het na sy vertrek uit Boston na Nu-York gegaan, en met hierdie uitstekende strategiese basis in sy besit, kon hy wel die hoop koester om die Amerikaanse verset die doodsteek te gee. 'n Swaar tyd het vir Washington aangebreek. Hy is in September 1777 by die Brandywinerivier verslaan, en Philadelphia het in die hande van die Engelse geval. 'n Nog groter terugslag het gedreig. Generaal Burgoyne was op weg uit Kanada met 'n Engelse leër. Sy doel was om langs die Hudsonrivier af met Howe in verbinding te tree en so die noordelike en suidelike state van mekaar te skei. Die samewerking met die Engelse in Nu-York het egter ontbreek; die Amerikaners, geoeffende bosvegters, het Burgoyne se opmars tot 'n stilstand gebring, en op 16 Oktober 1777 moes hy met sesduisend man by Saratoga kapituleer. Die berig van hierdie Engelse neerlaag is met gejubel in Frankryk en ander Europese lande begroet, en in Februarie 1778 verklaar die Franse regering die oorlog aan Engeland. 'n Jaar later volg Spanje die Franse voorbeeld, en in 1780 moes ook Nederland, deur Engeland as gevolg van 'n geskil oor die Engelse aansprake om neutrale skepe te onderskep tot vyand verklaar, die

stryd op see teen die magtige Britse vloot teen sy sin en tot sy skade aanbind.

Met die intree van die Franse in die oorlog is die krygsoperasies na die Wes-Indiese eilande en die suidelike Amerikaanse state verskuiwe. Lord Cornwallis land in Georgia met 'n groot Engelse leër. Engelsgesinde koloniste, die sogenaamde Lojaliste, voeg hulle by hom, en met weinig teenstand marsjeer hy tot in Virginia. Hy wag hier op die kus by Yorktown vir versterking uit Nu-York. Washington en Lafayette sluit hom van agter in. Die Engelse hulp daag nie op nie, omdat die Franse vloot onder admiraal De Grasse die toegang tot die hawe afgesny het, en op 19 Oktober 1781 moes Cornwallis die vernedering van Saratoga herhaal.

Die oorlog het feitlik met die kapitulasie van Yorktown sy end bereik. Op see is nog geveg, maar die stryd in Amerika was beslis. In 1783 volg die Vredesverdrag van Versailles, waarin die onafhanklikheid van die Verenigde State deur Engeland erken is.

Die Amerikaanse Vryheidsoorlog het 'n geweldige invloed op die hele wêreldgeskiedenis uitgeoefen. In Engeland het dit die lus om te koloniseer laat verflou en die idee verwek dat kolonies uiteindelik tog maar soos ryp vrugte afval. Ook op die ekonomiese beskouings het dit duidelike spore afgedruk. Adam Smith, die beroemde grondlêer van die staathuishoudkunde en voorstander van vryhandel, het wel in die eerste plek onder die indruk van die groot industriële omwenteling, wat in hierdie tyd in Engeland begin, en waaraan ons later ons aandag moet gee, sy leer verkondig, maar dat sy *Wealth of Nations* in 1776, die jaar van die Amerikaanse onafhanklikheidsverklaring, verskyn het, is 'n merkwaardige toeval en toon aan dat die grootste ekonomiese denker van die eeu op die drempel van die nuwe tyd in die nouste voeling met die lopende gebeurtenisse gestaan het. Vir die konstitusionele ontwikkeling van die Europese kultuurwêreld het die afval van die kolonies onberekenbare gevolge gehad, en ons sal herhaaldelik in ons eie geskiedenis daarop moet terugkom. Die onmiddellike uitwerking daarvan op hierdie gebied was die algemene oortuiging dat die rewolusionêre teorieë hulle verwesenliking gevind het. Die "natuurlike regte van die mens" was geen hersenskimme meer nie. Die vrye volk van Amerika het op hierdie basis 'n vrye republiek gestig, en met 'n bewyskrag, wat die volbragte daad alleen besit, versprei die nuwe konstitusionele leer hom nou tot aan die verste kuste waar Europeane woon.

§ 3. Politieke Woeling onder die Suid-Afrikaanse Koloniste.

Terwyl die Amerikaanse Vryheidsoorlog aan die gang was, het 'n beweging teen die plaaslike gesagvoerders in Suid-Afrika begin, wat wel sy direkte aanleiding in die omstandighede hier had, maar tog ook 'n weerspieëling van die oorsese gebeurtenisse en geestesstrominge was.

Goewerneur van Plettenberg was baie onpopulêr onder die koloniste, veral omdat hy, anders as Vader Tulbagh, hulle nie teen amptelike onderdrukking beskerm het nie, maar ook omdat die Kaapse mark na 1763 weer hoe langer hoe slegter geword het. In die jare sewentig kom die Kaap weer voor 'n ernstige ekonomiese krisis te staan. Die boere kon hulle produkte nie van die hand sit nie, en die geldskaarste was algemeen. 'n Groot ontevredenheid versprei hom onder die burgers. Hulle wis dat die beamptes meer as wat hulle regmatig toekom in ontvangs neem en op allerhande maniere, selfs in stryd met die verbod van 1706, hulle inkomste vermeerder. Veral Boers, die Independentente Fiskaal, is as die aartsondrukker beskou. Hy was 'n onsimpatieke persoon, 'n tiepiese agtiende-eeuse beamptenatuur. Vir hom was die Kaap enkel en alleen 'n verversingspos van die Kolonie, en vir die eenaardige behoeftes en histories-ontwikkelde regte van die burgers het hy geen gevoel gehad nie. Intussen dring die rewolusionêre idees na Suid-Afrika deur, veral na die uitbreek van die oorlog in Amerika, en die Afrikaanse boer praat ook van die natuurlike neg van die onderdaan om hom teen 'n regeerder, wat die kontrak waarop sy mag berus, breek, te versit. Die lug was vol brandstof, en 'n vonk kon 'n ontploffing veroorsaak.

Soos gewoonlik het die vuurslag ook nie ontbreek nie!

Daar was in hierdie tyd 'n vryburger, Buitendag, in Kaapstad woonagtig. Onder die invloed van drank het hy hom somtyds aan mishandeling van sy vrou en bediendes skuldig gemaak, en terwyl hy hom nog in die Land van Waveren, sy vroeëre verblyfplek, opgehou het, het die landdros en heemrade van Stellenbosch die Politieke Raad versoek om hom uit hulle landpale te verwyder. Die here in Kaapstad het geen gevolg aan hierdie versoek gegee nie, maar toe Buitendag drie weke later betreklik stil en vreedsaam onder die skaduwee van Tafelberg in sy huis sit, laat Boers hom skielik op 20 Januarie 1779 arresteer. Letterlik uit die arms van sy vrou en kinders, wat hom huil-huil volg, losgeskeur, is hy deur die laagste geregsdienaars, twee waarvan swartes was, na die strand gesleep en op 'n skip gebring wat hom kort daarna as balling na

Indië geneem het. In Batavia aangekom, het hy sy saak voor die Hoë Regering daar gelê, en is hy al dadelik vrygespreek en toegelaat om na Suid-Afrika terug te keer. Op die terugreis hierheen het hy gesterf.

Die deportasie van Buitendag het 'n geweldige opskudding onder die koloniste veroorsaak. Dit is as 'n groot beginselkwessie beskou. Die Kaapse regering het wel van tyd tot tyd sy onbetwiste reg uitgeoefen om die vrybriewe van persone, wat 'n kroniese las en gevaar vir die samelewing was, in te trek en hulle as soldate of matrose op Kompanjieskepe die land uit te stuur. Ryk Tulbagh b.v. het op die manier van tien slegte koloniste ontslae geraak; maar as Boers toegelaat sou word om 'n gevestigde burger, soos Buitendag was, sonder verhoor te verban, dan was selfs die afstammeling van die eerste koloniste nie meer veilig op hulle plase nie. Opgeuwonde vergaderings in verskillende dele van die boland was dus aan die orde van die dag, en vir die eerste keer in ons geskiedenis vind ons, dat die koloniste prinsipiële aanspraak maak op 'n duidelik erkende en meer effektiewe verteenwoordiging in die sentrale regeringsliggaam, die Politieke Raad. Onder die bestaande stelsel, het hulle eindelik gevoel, was hulle vryheid en regte nie genoegsaam gewaarborg nie. Hulle besluit om afgevaardigdes na Nederland te stuur om hulle griewe en voorstelle aan die stadhouder en Here XVII voor te lê, en in Maart 1779 is 'n petisie, deur die burgerrade en heemrade onderteken, waarin verlof tot die sending van 'n deputasie gevra is, by die Politieke Raad ingedien. Die Kaapse regering het hom bereid verklaar om klagtes te ondersoek, maar wou die koloniste onder geen omstandighede toelaat om hulle direk met die Nederlandse outoriteite in verbinding te stel nie. Die ontevrede burgers was met hierdie antwoord natuurlik nie tevrede nie. Watter heil was daar trouens vir hulle by Van Plettenberg en Boers? Hoe kan 'n beskuldigde regter wees? Vier verteenwoordigers, Jakob van Reenen, Barend Artois, Tielman Roos en Nikolaas Heyns, is dus tog deur die koloniste na Nederland afgevaardig, en onder voorwendsel dat hulle vir private aangeleenthede daarheen moes gaan, het hulle verlof gekry om te vertrek.

In Oktober 1779 oorhandig die vier afgevaardigdes as gevolmagtigde "representanten van den geheelen Burgerstaat" van die Kaap 'n lang skrifstuk aan Here XVII, en hierdie dokument moet as 'n mylpaal in ons konstitusionele geskiedenis beskou word. Vir 'n groot gedeelte is dit soortgelyk aan die petisie van die jaar 1706. 'n Breedvoerige beskrywing van

“den quynenden staat der burgers en vrye colonisten,” wat byna geen mark vir hulle koring, wyn en vee het nie, en ernstige klagtes teen Boers en ander beampes, wat deur onderdrukking (die geval van Buitendag word beklemtoon), afpersing, onwettige handeldrywe en privaat boerdery die vryheid en lewensvoorwaardes van die gevestigde ingesetenes ondermyn, vorm die hoofinhoud, en met herhaalde verwysing na die tyd van Willem Adriaan van der Stel, word daarop aangedring, dat die beampes hulle aan die verbod van 1706 moet hou. Na hierdie herhaling van ou bekende griewe kom dan 'n paar versigtig-gestelde versoeke, waarin die nuwe gees hom openbaar: die burgers wil meer helderheid omtrent hulle konstitusionele regte hê; die wette moet duidelik omskrywe word, en die fiskaal moet “op die swaarste poenaliteiten” verbied word “van in het vervolg (een) Burger met Geweldigere en Caffers (die beul en sy handlangers) te laten apprehendeeren. . . . veel min eenig Burger door den selven uit syn Huys te laten haalen”; intendeel moet bepaal word, “Dat een Burger niet anders dan door Burgers sal mogen worden gearresteerd en uit kragte van het Burgerregt op het Burger-Wagthuys in gyseling of hegtenis bewaard sal moeten blyven,” totdat sy saak volgens die vasgestelde regterlike prosedure kan behandel word. Die gevaarlike praktyk wat 'n fiskaal toelaat om persoonlik sake te beslis en boetes op te lê, moet tot werklik onbelangrike gevalle beperk word; en dit moet vasstaan “dat voortaan geen aan de Caab gebooren, of vry gewordene Burger, die syn verband en dienst by den Ed. Compagnie getrouw heeft uitgediend, wederom in dienst der Ed. Compagnie getrokken, of als Matroos van de Caab naar Batavia versonden sal mogen worden, als zynde sulks strydig met het Burgerregt.” Verder word gevra dat aan die koloniste mag toegestaan word om jaarliks self een of twee skepe na Nederland vir die uitvoer van hulle produkte en die invoer van benodighede te stuur, en dat die handel op Madagaskar, die ooskus van Afrika en Indië ook vir hulle vrygestel mag word.

Veral hierdie laaste versoek, wat natuurlik direk in stryd met die kommersiële grondbeginsel van die Kompanjie was, kan as 'n teken van die nuwe tydgees herken word. Nog duideliker tree dit in die volgende voorstelle te voorskyn: “Dat, om de saaken der Burgerye in het vervolg van tyd op een goeden voet te dryven, mag goedgevonden worden, seven Burger-Raaden te mogen aanstellen, waarvan jaarliks niet meer dan twee Leden souden afgaan, en door deese Burger-Raaden alleen uit eene vrye gemaakte nominatie ter ver-

vulling der vakature met meerderheid van stemmen wederom twee andere Leden met approbatie van den Edele Heer Gouverneur souden verkooren worden, als meede dat gemelde seven Leden sessie souden mogen hebben in den Ed. Achtb. Raad van Politie, wanneer er over saaken de Burgerye en het Gemeenebest der Caabse Colonie rakende gedelibereert zal worden, en dat ook iemand verkiesbaar tot eenig Burger Collegie sal zyn, dan na alvorens 5 a 6 jaaren Burger geweest en volleedig preuves van syn goed comportement gegeeven te hebben.

Dat het gemelde Burger-Raaden aan de Caab mag gepermitteerd zyn om jaarlyks van de gesteldheid der Burgerye aldaar aan U Wel Ed. Groot Achtb. (dws. Here XVII) verslag en rapport te doen.....

Dat ook de Ed. Achtb. Raad van Justitie moge bestaan uit een gelyk getal Leden van Burger-Raaden als van 's Comp. Bediendes en de oudste Burger-Raad als Vice-Praesident sal mogen fungeeren.....

Dat in alle burgerlyke Collegien een vrye verkiesing sal mogen plaats hebben, en by het afgaan der Leden..... weder anderen in derselver plaats genomineert en aangesteld zullen mogen worden, met approbatie van den Edele Heer Gouverneur en regeerende burgerraaden."

Uit die voorgaande blyk dat die koloniste nou nie meer tevrede was met die regeringstelsel nie. Hulle het vir 'n deel die leuse van die Amerikaners oorgeneem. Hulle vra om 'n ruime mate van verteenwoordiging in die hoogste regeringsliggaam, die Politieke Raad, en om 'n aansienlike vermeerdering van die burgerlike lede op die Raad van Justiesie. Hulle vra verder dat die Burgerrade direk, sonder inmenging van die Kaapse beamptes, Here XVII met die wense en toestand van die koloniste mag bekendmaak. Hulle wil dan eindelik ook 'n wysiging in die kiesstelsel, die ou ko-opsiesisteesem, ingevoer hê. Dit is wel nie duidelik wat hulle onder "een vrye verkiesing" verstaan het nie, maar die bedoeling skyn te wees, dat daar by die opstel van die dubbele nominasie-lis, waaruit die finale benoemings deur die betrokke liggaam self, onderhewig aan die goedkeuring van die goewerneur, moes geskied, vryheid van keuse vir die koloniste self moes wees.

Here XVII het hierdie klag- en versoekskrif na 'n kommissie verwys, en 'n afskrif daarvan is na die Kaapse goewerneur en sy beamptes gestuur, sodat hulle die geleentheid sou hê om hulle teen die beskuldigings te verdedig en hulle mening

oor die voorstelle uit te spreek. Hulle is egter verbied om die burgers wat by die saak betrokke was op enige manier lastig te val. As gevolg van die deelname van Nederland aan die Amerikaanse Vryheidsoorlog het 'n lang tyd verloop, voor die amptelike antwoorde uit Suid-Afrika Nederland bereik het. In Maart en Februarie 1781 respektieflik het Van Plettenberg en Boers breedvoerige stukke opgestel, maar so beperk was die Nederlandse skeepvaart gedurende die oorlog, dat hulle antwoorde eers in April van die volgende jaar kon afgestuur word. Die inhoud van die goewerneur se uiteensetting was as volg: Die petisionarisse verteenwoordig nie al die koloniste nie; hulle opdrag is slegs deur 404 uit byna 3,000 burgers onderteken. Hy het hom aan die gewoonte gehou om die burgerrade oor maatreëls wat die koloniste raak te raadpleeg. Daar is geen ekonomiese depressie aan die Kaap te bespeur nie; intendeel, die Kolonie verkeer in 'n bloeiende toestand. Alleen op die grens ly die boere onder die rooftogte van die Boesmans en die Kaffers. Hy objekteer teen die toelating van burgerlede tot die Politieke Raad, want dit sal nie in die belang van die Kompanjie wees nie; maar die gevraagde vermeerdering van burgerlike verteenwoordigers op die Raad van Justiesie kon wel toegestaan word, asook die versoek dat die wette beter omskrywe en bekendgemaak moes word. Hy en sy beamptes het hulle nie aan afpersing skuldig gemaak nie. Die ekstragelde wat hulle trek is 'n vasgestelde deel van hulle vergoeding; maar dit sou goed wees as, na 'n verhoging van die salarisse, die sisteem van aanvullende emolumente, wat tot veel misverstand en onaangenaamheid lei, kon afgeskaf word. Van Plettenberg sluit met die versoek om van sy amp onthef te word, aangesien die gevoel so hoog loop, en 'n nuwe goewerneur dus makliker die vrede kan herstel.

Boers slaan in sy repliek 'n veel krasser toon aan: Hy wil die "regte" waarvan die burgers praat nie erken nie. Dié sogenaamde regte is gunste wat hulle uit die hand van die Kompanjie gekry het, en as hulle hul ondankbaar gedra, kan die Kompanjie hulle vrybriewe intrek en hulle weer as soldate of matrose in sy diens forseer! Dat die koloniste enige verteenwoordiging in die Politieke Raad sal kry, keur Boers ten sterkste af. Hy vind dat hulle 'n heeltemal verkeerde begrip van die funksies van die burgerrade het, en hy haal die instruksies van Ryckloff van Goens van 1657 aan om te bewys dat hierdie sogenaamde verteenwoordigers van die burgers enkel en alleen assessorlede van die Raad van Justiesie is! Vir die groot historiese waarheid dat konstitusionele regte deur voort-

gesette gebruik kan verwerf word, was hy blykbaar totaal blind! Boers vra eindelik ook om ontslag, en Here XVII, deur sy memorië self oortuig dat hy nie vir sy pos geskik was nie, het hom dit onmiddellik toegestaan. In April 1783 het hy uit die diens getree en Jan Jacob Serrurier het hom opgevolg.

Die oorlog met Engeland het die Nederlandse handel op Indië vir 'n tyd feitlik stopgesit. Die Oosindiese Kompanjie het ontsettende verliese gely en was op sy laaste bene. Here XVII was onder die omstandighede vrywel magteloos, en hulle beslissing, waarop Heyns, Van Reenen en Artois (Roos was in die tussentyd oorlede) nog altyd in Nederland moes wag, het eers in Desember 1783 geval. Die enigste belangrike eis wat toegestaan is, was die vermeerdering van die burgerlike verteenwoordiging op die Raad van Justisie; die liggaam sou voortaan uit ses beampies en ses burgers bestaan. Vir die res moes alles maar bly soos dit was.

Die Kaapse burgers was nie van plan om nou tou op te gooi nie. 'n Sterk kommissie is deur hulle benoem om hulle besware en versoeke voor die hoogste gesagvoerders in Nederland, nl. die State-Generaal, te bring, en in Desember 1784 het hierdie kommissie vir dié doel twee memories aan hulle "representante" in Nederland gestuur. Die appél aan die State-Generaal het egter nie veel gehelp nie. Hulle het wel, in oorleg met die direkteure van die Kompanjie, hulle aandag aan die saak van die Kaapse burgers geskenk, maar die uitvloeiels van die besprekings was baie skraal. In Julie 1785 besluit Here XVII om 'n paar veranderings aan die Kaap in te voer. Die belangrikste was die volgende: Die gevraagde vryhandel sou nie toegestaan word nie, maar die Kompanjie sou voortaan die Kaapse surplus aan graan, wyn en ander produkte opkoop en in sy eie skepe na Europa uitvoer. Die prys sou jaarliks vasgestel word deur 'n raad, wat uit drie beampies en drie burgers sou bestaan en deur die Politieke Raad sou aangestel word, en wat ook die Kaapse regering met advies sou dien in verband met belastinge en ander sake, waarby die belange van die koloniste betrokke was.

Hierdie nuwe reëling het natuurlik ook geen bevrediging gegee nie. Van 'n uitvoerhandel na Europa in die skepe van die afgeleefde Kompanjie het niks gekom nie; en die nuwe raad wat in verband daarmee aan die Kaap in die lewe geroep is, was feitlik 'n inkorting van die konstitusionele regte van die koloniste, want dit moes die plek inneem van 'n suiwer

burgerlike liggaam, die kollegie van burgerrade. Dit het egter gelukkig vir 'n groot deel 'n dooie letter gebly.

Die groot beweging wat in 1779 met soveel ywer begin het, loop so op 'n mislukking uit. 'n Tweede deputasie is in 1785 na Nederland gestuur, maar die lede daarvan het met mekaar aan stry geraak en hulle saak by die Nederlandse publiek verbrou. Ook in Suid-Afrika, soos ons nou sal sien, het omstandighede ingetree, wat die eerste geesdrif uitgedoof het.

§ 4. Tien Vet Jare, 1781 — 1791; — die Laaste Opflikkering.

Die deelname van Nederland aan die oorlog teen Engeland het die ondergang van die Kompanjie ingelei. Die Nederlandse seemag was glad nie meer teen die Engelse skepe, wat getalsterkte en uitrusting betref, opgewasse nie; 'n groot aantal handelsvaartuie, waaronder ook Oosindië-vaarders, is deur die Engelse buitgemaak; en die Groot Kompanjie, reeds lank in skuld gedompel, moes nou onder die slae van 'n magtige vyand, wat die oorsese toevoer afgesny het, by die Nederlandse Staat om geldelike ondersteuning smEEK om die dreigende bankrotskap af te wend. In 1778 het die skuld van die Kompanjie op ongeveer 7½ miljoen gulde gestaan, in 1783 op 26½ miljoen, en dit klim daarna met geweldige spronge tot 81 miljoen in 1790, 107 miljoen in 1793 en 117 miljoen in 1795. Na 1782 is geen dividende meer uitbetaal nie.

Dieselfde oorlog, wat die inmeekaarsak van die Kompanjie verhaas het, het 'n verbygaande periode van groot ekonomiese bloei aan die Kaap gegee. Die depressie, wat in die jare 1779 en 1780 sy hoogtepunt hier bereik en grotendeels verantwoordelik was vir die ontevredenheid onder die koloniste, slaan skielik in 1781 om, en tien jare van ongekende welvaart volg mekaar op.

In Maart 1781 stuur die Engelse regering 'n groot vloot onder Johnstone met drieduisend soldate aan boord om die Kaap te verower. Die geheim van hierdie onderneming het uitgelek, en 'n Franse vloot onder De Suffren het 'n week later die see gekies om die vyand te agterhaal en sy aanval op die strategies so belangrike suidpunt van Afrika te veryd. De Suffren tref die Engelse vloot by die Kaap-Verdiese eilande in die hawe van Sint-Jago aan, waar Johnstone besig was om vars water in te neem. 'n Skerp geveg volg, waarin die Engelse, onvoorberei soos hulle was, wel gevoelige verliese gely het maar vir die Franse ook nie sonder skade daarvan laat afkom het nie. De Suffren behou egter die voordeel, want

sy vloot kon onmiddellik die reis voortsit, terwyl die Engelse nog 'n tyd moes versuim, en in Junie 1781 bereik hy die Kaap. Eers 'n maand later kon die voorste Engelse skepe hulle aan ons kus vertoon. Die burgers was in die tussentyd opgeroep; die garnisoen is met Franse troepe versterk; en die vestingwerke is verbeter. Johnstone kon nie 'n aanval waag nie. Hy het egter 'n groot buit gemaak en die Kompanjie aansienlike skade berokken. Die *Held Woltemaade* (die naam roep in herinnering die heldedaad van Wolraad Woltemaade, wat in 1773 by die vergaan van die *Jonge Thomas* in Tafelbaai pragtige reddingswerk verrig en sy eie lewe daarby ingeskiet het) is op sy reis na Seilon naby die Kaap opgevang, en in Saldanhabaai het die Engelse vloot vyf rykbelaaide retoerskepe aangetref. Slegs een daarvan is volgens die bevel van die Kaapse regering tydig aan brand gesteeek en verniel; die ander het almal in die hande van die Engelse geval. Johnstone het met sy buit en 'n deel van sy vloot na Engeland teruggekeer, terwyl die res van sy skepe die reis na Indië voortgesit het.

Die aankoms van die Franse vloot het dadelik die pryse van allerhande Kaapse produkte in die hoogte geja, en die regering, om die bondgenote en redders te beskerm, het in oorlog met die burgerrade maksimumpryse vir wyn, koring en vleis vasgestel. Waar ons egter verneem dat die koloniste toegelaat is om hulle wyn teen £8 (40 riksdalers) die lêer aan die vreemdelinge te verkoop, en ons dink daaraan dat die geldwaarde destyds veel hoër gestaan het as vandag, dan sien ons dat die burgers nie erg onder die restriksies gely het nie. Die mark was uitstekend en het ook na die vertrek van die Franse vloot so gebly, want 'n paar duisend troepe, wat van tyd tot tyd afgelos en aangevul is, is agtergelaat om die Kaap te beveilig.

Hoe gunstig die ekonomiese posisie skielik geword het, blyk uit die feit dat die regering in hierdie tyd papiergeld tot 'n waarde van oor die 900,000 riksdalers kon uitgee — *sonder nadelige gevolge vir die koloniste*. Die Kompanjie kon gedurende die oorlog geen geld na die kolonies stuur nie, en die Kaapse regering moes in 1782, deur die nood gedwing, sy uitgawes met papier — of beter gesê karton-riksdalers begin dek. Dit is 'n bekende en gevaarlike maatreël, want dit kom hierop neer dat 'n regering wat in finansiële moeilikhede verkeer, sy mag gebruik om met geld van minderwaardige gehalte, sy eie maaksel, sy skuld te betaal. Die gewone uitwerking is dan ook, dat die papiergeld, die waarde waarvan alleen op die

krediet van die regering berus, depresieer en sy koopkrag verloor. So goed was egter die mark en soveel vertroue was daar in die belofte by die eerste uitgifte gedaan, nl. dat al die papier-riksdalers na die vrede weer teen klinkende munt sou ingewissel word, dat die stukkie karton vrywel die waarde, wat op hulle afgedruk was, behou het. Waar geen of weinig depresiasie plaasgevind het, was dit des te makliker vir die regering om sy belofte na te kom, en binne 'n paar jaar na die beëindiging van die oorlog was nog slegs 100,000 papier-riksdalers in omloop.

Die florerende toestand van die Kaap is vir 'n deel deur die toenemende skeepsbesoeke veroorsaak. In 1781 staan die syfer op 90, in 1782 was dit oor 'n honderd, en na die vrede laat gemiddeld 150 skepe jaarliks hulle ankers in Tafelbaai, of in die wintermaande in Simonsbaai, sak. Hierdie aansienlike verkeer, wat vir meer as driekwart uit vreemde skepe bestaan het, en die groot garnisoen van tussen 2,000 en 3,000 man sou genoeg gewees het om 'n ruime mate van welvaart vir die koloniste te verseker. Daarby kom nou nog dat in hierdie tyd 'n goewerneur na die Kaap gestuur is, wat deur sy swierige bewind en onverskillige geldverkwisting die kunsmatige voorspoed nog laat styg.

Die poging van die Engelse om die Kaap te verower het 'n groot indruk in Nederland agtergelaat, en na die vrede besluit Here XVII om in die gevolg 'n garnisoen van 2,000 man hier te hou, vestingwerke in Kaapstad en Simonstad op te rig en 'n bekwame militêr as gesagvoerder aan te stel. Goewerneur van Plettenberg keer dus in die begin van 1785 met die retoervloot terug, en luitenant-kolonel Jacob van de Graaff, wat 'n hoë militêre betrekking in Nederland beklee het en 'n vriend van die stadhouder was, neem sy plek in.

Die nuwe goewerneur het 'n vorstelike hofhouding ingERIC; in sy stalle was b.v. omtrent 130 perde; en hy het op 'n ongehoorde skaal aan die bou gegaan. Nuwe verdedigingslyne is opgewerp, en 'n groot nuwe hospitaal, wat in 1791 nog nie klaar was nie en toe reeds, afgesien van die slawearbeid daaraan bestee, oor 'n kwart miljoen rixdalers gekos het, was in aanbou. Die voorbeeld van die goewerneur was aansteeklik en verderflik. Hy het met regeringsgeld gemors, en sy ondergeskikte het sy voetstappe gedruk en hulle eie sakke gevul. 'n Wonderlike staaltjie van hoe hulle dit gedaan het, dateer uit hierdie tyd. In 1788 seil 22 skepe met 1011 siekes aan boord die Tafelbaai in; toe die vloot vertrek, bly daar, volgens die offisiële opgaaf, 1314 van die matrose siek in die hospitaal

H

agter. Was die Kaap dan so ongesond? Geensins! 'n Groot deel van die 1314 was perdfris, maar om hier te kan bly het hulle hul by die hospitaal as pasjente laat inskrywe. Die mediese beamptes was tot registrasie seer bereid. "Pasjente" van hierdie soort, wat in die land rondswerf, en op wie se name die genoemde beamptes tog rantsoengeld kon trek, was baie welkom! Dat die Kaapse regeringsuitgawes, alles natuurlik ingesluit, jaarliks 'n bedrag van £120,000 verteenwoordig het, terwyl die inkomste slegs 'n tiende van die som was, het hulle koud gelaat. 'n Paar miljoen gulde meer of minder skuld sou vir die swaar-belaste Kompanjie tog nie soveel beteken nie. Buitendien, vir 'n regering sonder geld was daar altyd raad. Papier was goedkoop; en teen die jaar 1791 was daar reeds weer oor 'n half miljoen karton-riksdalers in omloop aan die Kaap.

Die koloniste, en veral die stedelinge, het aan die roes van roekelose geldverspilling deelgeneem. Met die aankoms van die Franse troepe, een resjiment waarvan tot 1784 hier gebly het, is Kaapstad in 'n "Klein Parys" verander, en hulle opvolgers, Switserse en Duitse soldeniers in die diens van die Kompanjie, het goed meegehelp om ons hoofstad sy nuwe roem as weelderige lusoord te laat behou. Danspartye en opvoerings was aan die orde van die dag, en die eertyds so bestendige burgerlike bevolking wou in modieuse kleredrag en maatskaplike verfyning nie by die vreemdelinge agterstaan nie. Pragtige koetse, met slawe in livrei op die bok, het deur die hobbelrige strate gegaan, of in draagstoele lê *à la Paris*-geklede afstammeling van Geus en Hugenoot besoeke by mekaar af. Kosbare meubels, glaswerk en porselein, — hulle is nog in ons museums te sien, — het in die huise gepryk, en heerlike wonings is in Kaapstad en sy omgewing opgerig. Hoe hoog die boukoers geloop het, blyk uit 'n mededeling van 'n reisiger, De Jong, wat destyds hier vertoef het. Hy sê: "Het bouwen is hier niet slechts eene liefhebberij, het is eene drift, een dolheid, eene besmettelijke razernij, die meest alle menschen heeft aangestoken."

Aan hierdie weelderigheid, wat natuurlik op die platte land naby Kaapstad minder sigbaar was en in die verre binne-land nie bestaan het nie, het eindelijk 'n end gekom. Here XVII was reeds lank baie ontevrede oor die hoë uitgawes van die Kaap en die verkwisting van goewerneur Van de Graaff. Die Kompanjie was ook nie meer vry nie. Sy grootste krediteur, die State van Holland, het op besuiniging aangedring, en in 1790 is besluit om met alle mag en geweld daarmee te

begin. Op 2 Oktober 1790 skryf Here XVII 'n brief aan die Kaapse regering met die volgende inhoud: Kort op allerhande maniere die uitgawes in en vermeerder die inkomste; suiwer die administrasie van die "schandelijke excessen en Wanordens," wat daarin voorkom; staak onmiddellik die werk aan alle regeringsgeboue; ontslaan die arbeiders wat daarby gebruik is; verminder deur verkoop die Kompanjieslawe tot 450; stuur die resjiment Duitse troepe na Batavia; ens., ens. Twaalf dae later volg 'n tweede brief, waarin die goewerneur gelas word om dadelik na Holland terug te keer. Die invloed van die stadhouer het dit egter bewerk dat Van de Graaff nie dadelik formeel van sy pos onthef is nie. Hy moes slegs oor die Kaapse aangeleenthede aan Here XVII rapporteer, en ofskoon hy reeds in Junie 1791 die terugreis aanvaar het, het hy die goewerneurstietel en — salaris tot in 1794 behou. Die sekunde, Rhenius, moes tot Junie 1792 die leiding van die regering aan die Kaap waarneem. Daarna gaan dit oor in die hande van twee gevolmagtigde kommissarisse, Nederburgh en Frykenius, met wie ons later sal kennismaak.

Die brief van 2 Oktober 1790 het in Februarie van die volgende jaar hier aangekom. Die uitwerking daarvan was verpletterend. Die seepbel van artifiële welvaart het gebars. Groot gebeurtenisse in Europa, waaraan ons nog ons aandag sal skenk, het ook die skeepsverkeer skielik sterk verminder; en die Kaap was met een slag terug in 'n ekonomiese depressie so onheilspellend en donker, dat die kronies wederkerende moeilikhede van vroeër jare, daarby vergelyk, byna rooskleurig kon heet. By hulle aankoms in Suid-Afrika in Junie 1792 skilder die ewe genoemde kommissarisse die toestand hier as volg: "Het grootste gedeelte der ingezetenen geruineerd in hunne finantien....., de rollen van de Raad van Justitie bij elke zitting opgevuld met citatien tot betaling van schulden — executien op executien gestapeld, sonder dat de nood der crediteuren toeliet aan de debiteuren enig uitstel te verleenen — het numerair (geld) uit de Colonie als verbannen — de vaste goederen daardoor hunne waarde byna geheel verliesende — de vermogende sowel als onvermogende met eene totaale ruine bedreigd — een algemeen gemor, misnoegen en verbittering tegen de Regeering..... zig allerwegen openbaarende."

§ 5. Die Eerste Botsing met die Bantoe.

Terwyl Kaapstad, en in 'n minder mate ook die hele boland, meer en meer deur oorsese gebeurtenisse en idees beïnvloed word, ontbrand op die verre oosgrens die groot stryd

H2

met die Bantoe. Die veeboer-pioneer kom in botsing met die Kosas en aanvaar daarmee sy groot taak om die voorvegter van die beskawing teen sy magtigste vyand te wees.

Dit sal wel die moeite werd wees om 'n oomblik stil te staan by die voorgeskiedenis en die aard van die Kosastam, die nuwe faktor wat van nou af so 'n groot plek sal inneem.

Wanneer en hoe die Kosas 'n aparte stam geword het, weet ons nie. Ons het hulle vir die eerste keer in die tyd van Simon van der Stel ontmoet. Hulle opperhoof was toe Togoe, en hulle het destyds by die Keirivier gewoon. Hy was volgens Kosa-tradiesie die sewende opperhoof. Die eerste hoof en tewens ook die stigter van die stam sou Kosa geheet het. Hy het waarskynlik teen die end van die sestende eeu geleef, en ons kan ons voorstel dat hy die verstrooide vlugtelinge, wat voor die hordes uit die noorde aan die wyk was, bymekaar gebring en georganiseer het. Om dieselfde tyd waarskynlik het Temboe en Pondo die stamme wat hulle name dra op dieselfde manier gestig. Sedert die vergaan van die Stavenisse tree die Kosas duidelik in ons gesigseinder op. Hulle word gedurig deur skipbreukelinge, jagters en reisigers besoek, en ons is nie meer vir ons kennis omtrent hulle op hulle onvolledige traditiesies alleen aangewese nie. Ekspediesies soos die van Hubner en Beutler bring ons in die nouste aanraking met hulle, en ons verneem b.v. van die opperhoof, Palo, die tiende in die opvolgingslyn, wat na 'n regeringstyd van omtrent 'n halwe eeu sowat 1775 tot die geeste van sy voorvaders vergader is.

Met die dood van Palo kom daar 'n groot splitsing in die Kosastam. Volgens ou gebruik het die leiding van die hele stam oorgegaan op Galeka, die oudste seun van Palo se "groot" vrou, maar is ook die erfreg van Rarabe en Langa, die oudste seuns van die "regterhandse" en "linkerhandse" vroue respektiefflik, erken, en Rarabe wat 'n beroemde krygsman was, het so 'n groot invloed verwerf, dat die westelike Kosagroepe almal na hom as meer direkte opperheer opgesien het. Galeka het hom by die Keirivier gevestig en het later oor dié rivier na die ooste getrek; Rarabe daarenteen was wes van die Buffelsrivier woonagtig, en sy nabyheid was 'n addisionele rede, waarom die grensgroepe hulle tot 'n sekere mate onder sy leiding gestel het.

Die opsplitsing van 'n Bantoe-stam in betreklik selfstandige onderafdelings, elk met sy eie hoof, was 'n ou instelling. Die opvolgingsreg van meer as een seun was die belangrikste oorsaak hiervan, maar dit het ook somtyds gebeur dat een of

ander persoon, deur sy militêre bekwaamheid veral, tot 'n erkende hoof geword het. So verneem ons b.v. van 'n man Kwane, wat in die tyd van Tsjiwu, die vader van Palo, 'n groot aantal vlugtelinge, deur die uitrook van die toordokters tot die dood veroordeel, om hom vergader het en uiteindelik selfs deur Tsjiwu as aparte hoof erken moes word. Kwane het met sy mense by die mond van die Visrivier gaan woon. Baie Gonakwa-Hottentots is onder hulle opgeneem, en so ontstaan die bekende Goenoekwebe-stam, die voorste Kosa-groep. In 1775 het Tsjaka, die seun van Kwane, oor hulle geregeer, en van hom en veral van sy seun, Koengwa, sal ons nog veel hoor.

Naas die Goenoekwebe was daar nog ander grensgroepe, almal in 'n sekere sin ondergeskik aan Rarabe. Kort agter die Goenoekwebe aan die kus was die Amantinde. Verder noord langs die Konaprivier het ons reeds met die Amagwali onder Titi kennis gemaak, en naby hulle was die Imidange onder Mahoeta woonagtig. Langa, die hoof van die Amambala, het 'n bietjie oos by die Tsjoemierivier vir hom opgehou. Ons moet egter goed verstaan dat ons hier nie met 'n aantal sterk-aaneengeskakelde afdelings te doen het nie. Feitlik elke kraal was 'n selfstandige eenheid, en onderlinge stryd tussen die verskillende stamgroepe het dikwels voorgekom.

In die winter van 1779 trek Tsjaka met Koengwa en al sy volgelinge deur die Suurveld tot oor die Boesmansrivier. Dit was die begin van 'n groot Kafferirrupsie oor die Visrivier, waaraan al die reeds genoemde grensstamme deelgeneem het. Die grensboere, van die Bosberg af tot aan die see, was in groot gevaar, want ofskoon die inval in die eerste plek waarskynlik veroorsaak is deur onderlinge twiste onder die stamme self, was roof ook hulle doel (in die skraal wintermaande het hulle met 'n begeerlike oog na die veetroppe van die koloniste gekyk!), en skriktonele wat hulle dikwels sou herhaal, het spoedig gevolg. Moordaanvalle en plundertogte was aan die orde van die dag, en 'n reeks van verbrande wonings het die deurtog van die swart golfvloed aangetoon.

Dit het 'n tyd geduur voor die Kaapse regering in kennis van die inval gestel en sy verlof tot die oproep van die burgers verkry kon word, en met die voorsprong wat die Kaffers had, kon die eerste kommando's, wat teen die end van die jaar hulle operasies begin het, nie veel teen hulle uitrig nie. In die winter van 1780 was die toestand erger as tevore en nou besluit die Politieke Raad om Adriaan van Jaarsveld tot veldkommandant van die oosgrens te benoem en so die leiding aan 'n sterk en bekwaame aanvoerder op te dra. Die stap was

GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA.

'n volslae sukses. Van Jaarsveld het die hoofde laat verstaan dat hy elke Kaffer, gewapend of ongewapend, wat hy aan hierdie kant van die grens aantref, as 'n vyand sou behandel, en hy het hiewers te gou as te laat geskiet. By een geleentheid het hy met 'n klein kommandotjie 'n groot aantal Kaffers aangetref. Hy sien dat die barbare, onder voorwendsel dat hulle tabak kom vra, met hulle asgaaie tussen die burgers indring. Hy vrees verraad, laat vinnig 'n stuk tabak in stukies kerf, strooi dit uit, en toe die Kaffers buk en spartel om die gewenste lekkerny op te raap, gee hy die bevel: Skiet! So verander hy 'n dreigende ramp in 'n oorwinning. Die maatreëls van die nuwe kommandant was, soos ons na die bo-aangehaalde wel kan verstaan, effektief. Van Mei tot Julie 1781 was sy kommando's in die veld, en toe hy hulle ontbind, was daar geen vyandige Kaffers wes van die Visrivier meer nie. Al die hoofde, met één uitsondering, het nou ook belowe om dié rivier as grens te erken. Slegs Tsjaka, wat intussen ook na die ooste gevlug het, het geweier om die aanspraak van sy stam op die Suurveld prys te gee. Hy het beweer dat die Goenoekwebe voor die blankes daar was, en dat hy die gebied van 'n Hottentothoof geruil het. Die wapens het egter nou gespreek, en niemand kon meer in twyfel verkeer omtrent die grens tussen wit en swart in die ooste nie. Die posiesie daar was duidelik en suiwer. Hoe lank dit egter so sou bly was 'n ander kwessie!

In 1785, kort na die beëindiging van die eerste Kaffer-oorlog, is die oostelike grensgebiede tot 'n nuwe distrik geproklameer, en ter ere van die goewerneur en sy vrou is die naam Graaff-Reinet daaraan gegee. Herman Otto Woeke, 'n inwoner van Stellenbosch, is tot landdros benoem, en onder die eerste heemrade kry ons o.a. Adriaan van Jaarsveld en Jacobus Gustaf Trigardt, die vader van die bekende voortrekker. By die bepaling van die nuwe distrik in 1786 vind ons dat die oostelike lyn langs die Visrivier gaan tot waar die Bobbejaansrivier daarin uitloop, en vandaar langs die Bobbejaansrivier en die Tarka na die noorde toe. Aan die westekant sou die Gamtoosrivier Graaff-Reinet van die westelike distrikte, Swellendam en Stellenbosch, afskei. Die plek vir die nuwe drosdy is in 1786 deur Woeke uitgesoek. Twee leningsplase van 'n boer, Dirk Coetsee, op die Sondagsrivier is daarvoor deur die regering in beslag geneem, maar hy is goed vir sy opstal betaal (2,650 riksdalers). Graaff-Reinet het ook gou 'n aparte gemeente geword. Binnekort was daar 'n skoolmeester wat as sieketrooster tot die koms van die eerste predi-

kant die dienste gelei het. In Maart 1792 is die eerste kerkraad ingerig, en 'n paar maande later het ds. Van Manger sy werk as predikant onder die veeboer-pioniers begin.

Die stigting van Graaff-Reinet was die onvermydelike gevolg van die toenemende betekenis van die oostelike dele van die Kolonie. Die nabyheid van die Kaffers het die aanwezigheid van 'n administratiewe sentrum dringend noodsaaklik gemaak, en so kry die bewoners van die oosgrens nou eendelik dié instellings waarom hulle vir omtrent tien jaar ernstig gesmeek het. Dat hulle onmiddellik veel daardeur gewen het, kan egter nie beweer word nie. Die teenwoordigheid van regeringsbeamptes het hulle, in hulle stryd teen die Kaffers in elk geval, meer gehinder as gehelp.

Woeke het as landdros die opdrag gehad om die naaste Kosahoofde te besoek en deur geskenke 'n goeie verhouding met hulle te skep. Hy moes toesien dat geen blankes oor die Visrivier gaan of vee van die Kaffers ruil nie. 'n Soort van vriendskaplike segregasiepolitiek moes deur hom gevolg word. Dit het gou geblyk dat woorde en geskenke nie die orde sou bewaar nie. Daar was weer groot woeling onder die grensstamme, en 'n tweede inval in die Kolonie het gedreig. Rarabe het omstreeks die jaar 1781 in 'n oorlog teen die Temboes gesneuwel. Sy grootseun Oemlawe was toe ook reeds dood, en sy seuntjie, Gaika, destyds nog 'n suigling, was die regmatige opperhoof van die Rarabes. Tydens sy minderjarigheid sou Slambie, 'n broer van Oemlawe, vir hom as regent optree, maar Slambie het geen algemene erkenning onder die grensstamme gekry nie, en hy was spoedig in twiste met die hoofde gewikkel. As gevolg hiervan, en ook omdat die lokaas van die boere se vee nog altyd daar was, bars in Maart 1789 'n groot aantal Kosas die Suurveld in. Die Goenoekwebe onder Koengwa was weer voor.

Woeke het die Kaapse regering tydig gewaarsku, en het gemeen dat 'n klein grensmag van omtrent sestig man, in forte langs die onderloop van die Visrivier gestasioneer, genoeg sou gewees het om die Kaffers uit te hou. Nou was dit egter te laat, en Woeke moes op verlof uit Kaapstad wag om die kommando's teen die vyand te gebruik. Intussen moes die boere, dun versprei oor 'n groot oppervlakte, voor die indringers vlug, en hulle moes weer toesien dat hulle huise verbrand en hulle vee geroof word.

In Kaapstad "die Klein Parys," waar weelderigheid die botoon gevoer het en goewerneur Van de Graaff vir allerhande kosbare werke, geboue en gesellighede geld genoeg oor had,

het die noodgeskrei uit die binneland op dowe ore geval. Die vreemde roes het die natuurlike gevoel vir die "woeste" grensbewoners afgestomp, en die uitheemse teorieë, wat na 1780 deur die Franse besoekers en uit ander bronne na Suid-Afrika oorgeplant is, het in Kaapstad byval gevind, en 'n onnatuurlike bewondering vir die Kaffer onder sekere kringe gewek. Daar was, onder die beamptes veral, 'n aantal persone wat onder die invloed van Rousseau se geskifte die Kaffer "in sy natuurlike, onbedorwe toestand" as 'n toonbeeld van deug aangesien het. Dit is begryplik dat die Politieke Raad onder sulke beïnvloeding besluit om onder alle omstandighede die vrede met die Kosas te bewaar, en dat 'n geesdriftige aanhanger van Rousseau, Honoratus Maynier, na Graaff-Reinet gestuur is om vir Woeke as sekretaris by te staan en toe te sien dat die Kaffers geen onreg ly nie.

Toe Maynier op die oosgrens aankom, het 'n kommando, wat Woeke deur die nood gedwing onder die wapens gebring het, die Kosas teen die Visrivier, wat vol was, vasgekeer. Eindelik het die boere weer die geleentheid gehad om die verwoesters van hulle plase gedug te straf, — maar die instruksies uit die Kaap belet 'n aanval op die onskuldige natuurkinders, en die kommando moes ontbind word. Bitter teleurgestel en diep geskok in hulle aanhanklikheid aan die regering, keer die burgers terug, en Woeke het in 'n brief aan die outoriteite sy mening uitgespreek dat die reëling noodlottige gevolge sou hê.

Hy het hom daarby nie vergis nie. Met Maynier en 'n ander amptelike filantroop, Wagener, het hy die hoofde in die Suurveld ontmoet. Hulle is versoek om terug te keer oor die Visrivier, maar hulle het geweier, en die Goenoekwebe het weer hulle reg op die gebied tussen die Vis- en die Boesmansriviere beklemtoon. Die hoofde het daarop groot geskenke ontvang en is toegelaat om wes van die Visrivier te bly. In Augustus 1789 was die "vrede" dan op hierdie basis herstel, en 'n kroniese toestand van onrus en wanorde op die grens het die offisiële sanksie van die regering gekry. Die suiwer posessie van die jaar 1781 was prysgegee. 'n Duidelike skeidingslyn tussen Kafferland en die Kolonie het nie meer bestaan nie. Moord- en roofaanvalle op die blankes en hulle besit het toegeneem. Woeke gee hom aan drank oor, en verloor totaal die respek van die burgers. Sy sekretaris, Maynier, met wie hy gedurig in twis verkeer, was vir die boere die gehate vriend van die naturel. Van so 'n administrasie, die administrasie waarom hulle gesmeek het, was vir hulle geen heil te wagte

nie. Ook op die oosgrens vind ons dus in die jare neëntig “een algemeen gemor, misnoegen en verbittering teen de Regeering..... zig allerwegen openbaarende.”

Alles gaan 'n afgrond tegemoet, en ons sal nou sien dat dit 'n afgrond was, wat in Europa op 'n veel groter skaal as in Suid-Afrika swak en korrupte regerings sou opswelg en ou afgeleefde instellings sou vernietig.

HOOFSTUK II.

DIE GROOT INEENSTORTING IN EUROPA.

§ 1. Die Voorgeskiedenis van die Franse Omwenteling.

Toe Lodewyk XIV in 1714 sterf, was Frankryk finansiëel uitgeput. Die groot oorloë wat die Sonkoning gevoer het en sy weelderige geldverspilling het miljoene verslind, en dit moes nou blyk of sy opvolger, Lodewyk XV, daarin sou slaag om die deur die natuur mees geseënde staat van Europa weer ekonomies gesond te maak. Dit het hom nie geluk nie. Die Sewejarige Oorlog het die staatskuld nog groter gemaak, en, wat erger was, die verouderde regeringstelsel het onveranderd bly voortbestaan, en van 'n hervorming in die finansiële administrasie was geen teken nie.

Die Franse koning was 'n absolute vors. Al die mag het in sy hand berus. Sy ministers was alleen aan hom verantwoordig verskuldig; so ook die hoë beamptes, goewerneurs en intendants, wat oor die provinsies gestel was. Die Franse volk het geen verteenwoordiging in die regering gehad nie. Vroeër was dit wel die geval gewees. Nes die Engelse parlement, het die sogenaamde State-Generaal, waarin afgevaardigdes van die adel, die kerk en die burgers of derde stand sitting had, tot in die begin van die sewentiende eeu 'n belangrike rol gespeel, maar sedert 1614 is hierdie liggaam nie weer bymekaar geroep nie. Richelieu, die groot grondlêer van die absolutisme in Frankryk, het 'n end gemaak aan die gewoonte om die drie state of stande te raadpleeg, en toe in Engeland die parlement die regeringsmag in hande kry, kon Lodewyk XIV uitroep: *Ek is die staat!*

Tussen regering en volk het daar 'n diep kloof in Frankryk bestaan, en die sosiale indeling het die skeiding nog erger gemaak. Aan die eenkant was die adel en die kerklike stand (biskoppe, priesters ens.). Hulle was vrygestel van belastinge en die grond het vir verreweg die grootste gedeelte aan hulle behoort. Die laer geestelikes het nog in aanraking met die volksmassas gekom, maar die adellike klasse het hulle te verhewe daarvoor beskou. Hulle het met veragting op handel

DIE GROOT INEENSTORTING IN EUROPA.

en nywerheid neergesien. Daaraan mog hulle nie deelneem nie. Die officiersbetrekking in die leër en 'n geestelike of administratiewe loopbaan was vir hulle oop. Vir die res het hulle die hoflewe meege maak of op hulle groot plase nageboots. Teenoor adel en geestelike stand het die burgers en die boere gestaan. Die stedelike burgery was betreklik welvarend en ontwikkel. Des te meer het hulle hul agteruitsetting op politieke en maatskaplike gebied gevoel, en dit was dan ook juis onder die *bourgeoisie*, dat die geskifte van Voltaire en Rousseau onrus en ontevredenheid verwek het. Die lot van die boere was ellendig. Hulle het meesal hulle placies van die grootgrondbesitters gepag, en die adel het van hulle sweet geëlf. Die boer moes 'n groot deel van sy oes aan kerk en adel afgee, was verplig om soveel dae in die jaar vir sy heer te werk en het daarby ook nog swaarste onderbelastings gebuk gegaan.

Die belastingstelsel was hopeloos verward en verouderd. Adel en kerk het vrygespring, en die gegoede stedelike middelstand het ook betreklik min in die staatskas gestort. Die *taille*, 'n direkte hoofbelasting, en die *gabelle*, 'n heffing op die verkoop van sout wat die prys van dié onmisbare artikel enorm verhoog het, het veel daartoe bygedra om die landbouers te verarm, maar die regering het op slot van sake ook maar 'n klein deeltjie van die geld ontvang. Die reg om die belastings te in, is uitgepag, en op sy omslagtige weg na die staatskoffers toe het veel van die uitgeperste geld aan die vingers van die middelman gekleef. Die fiskale toestand is nog verder versleg deur die baie interprovinsiale tolgrense. Belasting is gehef op ware by die oorbring uit een provinsie in 'n ander, en die vrye ekonomiese verkeer, wat vir die vooruitgang van 'n land so belangrik is, is daardeur en ook as gevolg van ander industriële beperkings baie belemmer.

Lodewyk XV het in sy hofhouding die uiterlike glans van sy groot voorganger bewaar, maar die oppervlakkige en onsedelike weelderigheid wat daar geheers het, het slegs meegehelp om die koninklike regering, wat swaar onder skulde belas gegaan het en tot geen konstitusionele of administratiewe hervormings in staat was nie, gehaat en, wat nog gevaarliker was, geminag onder die volk te maak. Die intellektuele kringe het openlik die spot daarmee gedryf. Selfs die adel het saamgelag oor sy eie bevoorregte posiesie. Die gevoel dat daar ingrypende veranderinge moes kom, was algemeen. In 1764 roep madame De Pompadour, die *maitresse* van die koning, op haar sterfbed uit: "Na ons die sondvloed!" Tien jaar later

sterf Lodewyk XV, en sy opvolger, Lodewyk XVI, sou in die sondvloed ondergaan.

Die nuwe koning was 'n goeie, vriendelike en vroom man, maar hy was allermins geskik om in stormagtige tye aan die roer van sake te wees. Hy was langsaam van verstand en het hom liefs met meganiese handeerd, soos slotmakery, besig gehou. Hy sou meegesleur word deur die tyd; maar altyd weerstrewend, altyd agter sou hy wees, en sy vrou, Marie Antoinette, die mooi en lewendige dogter van Maria Theresia, wat as Oostenrykse vreemd teenoor die Franse volk gestaan het, sou sy ingebore neiging om dinge onveranderd te laat, deur haar uitlandse konserwatisme versterk.

Hoe onbekwaam en moeilik om te beweeg Lodewyk XVI ook as heerser was, dit was selfs vir hom duidelik, dat die staatsfinansies op 'n gesonde voet moes gestel word, en in die begin van sy regering het hy dié taak aan 'n minister, Turgot, opgedra, wat miskien die redder van Frankryk kon geword het. Turgot het tot 'n sekere mate die leuse van die Fisiokrate, *laissez faire, laissez passer*, onderskryf; hy het die binelandse tolle opgehef en die industrie vrygemaak; maar toe hy verder wou gaan en ook konstitusionele hervormings wou begin invoer, het die koning hom laat val, en Necker, Calonne, Brienne en eindelijk weer Necker het agtereenvolgens as ministers van finansies ingrypende veranderings vermy en deur lenings in die geldnood van die regering probeer voorsien.

Nou breek die Amerikaanse Vryheidsoorlog uit, en die Franse volk raak in vlam en vuur en dwing Lodewyk XVI om in te gryp aan die kant, wat teen die dwinglandy van die ou erfvyand vir die regte en vryheid van die mens veg. Die Franse regering het wel met 'n verhoogde prestige uit die oorlog getree, maar sy skuldelaas was sterk vermeerder, en die seëpraal van die Amerikaners het ook in Frankryk die ontevredenheid oor die heersende misstande aangewakker. Lafayette en sy teruggekeerde vrywilligers sou nie rus, voordat in hulle eie land 'n vrye konstitusie aan die volk gegee was nie.

Die geldnood van die regering het die koning eindelijk daartoe gebring om op advies van Calonne 'n aantal vooraastaande persone, veral uit die adel, vir raadpleging na Parys te ontbied. Hierdie Notabel-Vergadering het egter onmiddellik in botsing met die minister gekom. Die liggaam was dit nie eens met sy finansiële voorstelle nie en wou die finansiële administrasie aan 'n noukeurige ondersoek onderwerp. Verder het Lafayette en ander lede die byeenroeping van die

DIE GROOT INEENSTORTING IN EUROPA.

State-Generaal bepleit. Lodewyk kon met sulke raadgewers niks uitrig nie en het hulle weer huis-toe gestuur, maar die groot verlossingswoord, *die State-Generaal*, was uitgespreek en weerklink nou van alle kante, — ook uit die somber sitting-saal van die Parlement van Parys! Hierdie Parlement was 'n vreemde oorblyfsel uit 'n vroeë tyd, soos daar baie in Frankryk bestaan het. Elke provinsie het sy eie "Parlement," d.w.s. geregshof gehad, en die Parlement van Parys was die belangrikste onder hulle. Sy voorrang was veral die gevolg van die feit, dat koninklike besluite om regs krag te kry eers in sy register genotuleer moes word en dus feitlik van sy goedkeuring afhanklik was. Die koning kon egter, deur 'n spesiale sitting, 'n sogenaamde *lit de justice*, 'n dekreet teen die wil van die Parlement in sy register laat opneem. Die lede van hierdie liggaam het hulle betrekking as regters, wat hulle geref of gekoop het, lewenslang vervul. Hulle het dus 'n geslote en bevoorregte beamptekring gevorm, en tog vind ons, so algemeen was die vryheidsgees, dat selfs hulle van die natuurlike regte van die mens praat en weier om nuwe belastings te registreer, voor en aleer die State-Generaal byeengeroep word! Hulle stel hul dus op die standpunt dat die finansiële voorstelle aan die verteenwoordigers van die volk moes voorgelê word.

Die koning moes hom met 'n *lit de justice* behelp, maar sy posisie was swak. Kort tevore het hy in die internasionale politiek 'n groot neerlaag gely, en die prestige wat die oorlog met Engeland aan hom gegee het, was verbleek. In Nederland het twee partye bestaan, die Oranje-manne of Prinsgesindes en die Patriotte. Die eersgenoemdes was ondersteuners van die stadhouder, Willem V, wie se mag, soos ons weet, byna vorstelik was. Die Patriotte daarenteen wou die invloed van die regentefamilië in die regering herstel en was daarby ook gedeeltelik aanhangers van die nuwe filosofiese idees. Dit spreek vanself dat hulle bewonderaars van die Amerikaanse vryheidshelde was, en die slegte vertoning wat Nederland teen Engeland in die Amerikaanse onafhanklikheidsoorlog gemaak het, was volgens hulle die gevolg van die swakheid en louthartigheid van die stadhouderlike gesagvoerders. Die Patriotte was veral in die provinsie Holland sterk en het dit so ver gebring, dat Willem V Den Haag moes verlaat en hom elders in die Republiek gaan vestig. Hulle kry so die regering in hulle hand en sluit 'n verbond met Frankryk. Prinses Wilhelmina, die vrou van die stadhouder en 'n suster van Frederik Willem II van Pruise, wat in 1786 sy oom, Frederik die Grote, daar opgevolg het, besluit nou om as bemiddelaarster na Den

Haag te gaan. Sy is egter gekeer en op las van die State van Holland moes sy weer die provinsie verlaat. Diep beledig het sy die hulp van haar broer ingeroep. Frederik Willem II stuur 'n leër van 20,000 man wat teen Amsterdam opruk. Die Patriotte reken op die ondersteuning van Lodewyk XVI, maar die magtelose Franse regering het sy bondgenote in die steek gelaat. Toe die verwagte Franse hulp nie opdaag nie, het die Patriotte hulle onderwerp, en Willem V kon in triomf na Den Haag terugkeer. Die uitloop van die hele saak was 'n slag vir die vryheidsbeweging in Nederland, maar meer nog was dit 'n groot vernedering vir Frankryk, en die Franse volk, altyd prikkelbaar waar dit sy eer raak, was weer bitter teleurgestel met sy regering.

Onder sulke omstandighede, as 'n swakkeling wat die eer van sy land beklad het en weerstrewend meegesleep word deur 'n geroep, wat in omvang en heftigheid toeneem, vaardig Lodewyk XVI eindelijk in 1788 die bevel tot die samekoms van die State-Generaal uit.

§ 2. Die State-Generaal en Nasionale Vergadering.

Van die staanspoor af was daar groot vraagstukke in verband met die oproeping van die State-Generaal wat onmiddellik moes opgelos word. Die ou volksverteenvoordinging het uit drie groepe bestaan: verteenwoordigers van die adel, die kerk en die derde stand. Twee eeue tevore was dit gebruikelik dat die drie stande aparte sittings hou en elk gesamentlik een stem uitbring. Dit was dus moontlik vir adel en kerk om die derde stand te oorstem. Sou die ou prosedure gevolg word? Daar was tekens genoeg dat die Franse middelklasse nie hiermee tevrede sou wees nie, en onder die laer geestelikes was baie wat met hulle gesimpatiseer het. Onder die honderde van verkiesingsbrosjures wat in die begin van 1789 verskyn het, was daar b.v. een van die abbé Siéyès met die opsienwekkende titel: "Wat is die derde stand? Alles. Wat het dit tot dusver in die politiek beteken? Niks. Wat wil dit daarin word? Iets." Die regering het gehuiwer om hierdie vraagstuk definitief op te los, maar het aan die derde stand 'n sekere voorrang gegee deur die getalsterkte van sy verteenwoordigers net so groot te maak soos die van die ander twee stande tesame.

Op 5 Mei 1789 vind die opening van die State-Generaal in Versailles, die koninklike residensie naby Parys, plaas. Dit was 'n liggaam van omtrent 1200 lede, 300 adellike, 300 kerklike en 600 burgerlike verteenwoordigers. Na die opening bly

DIE GROOT INEENSTORTING IN EUROPA.

die derde stand in die gemeenskaplike saal, omdat sy getal lede so groot was, terwyl die ander twee stande elders apart gaan beraadslaag. Die derde stand eis egter gesamentlike sittings, en weke gaan verby met vrugtelose debatte en onderhandelinge. Eindelik hak die burgerlike verteenwoordigers die knoop deur. Hulle nooi adel en kerk uit om na hulle toe te kom, besluit om met die werk voort te gaan en neem op 17 Junie die naam aan van Nasionale Vergadering. Op 20 Junie vind hulle die saal gesluit; dit moes vir 'n koninklike sitting klaargemaak word; hulle gaan na 'n nabygeleë saal, die sogenaamde kaatsbaan, waar die hof hom somtyds met kaatsspel vermaak het, en lê hier 'n eed af, dat hulle nie uitmekaar sou gaan, voordat hulle 'n konstitusie aan Frankryk gegee het nie. Op 23 Junie vind die koninklike sitting plaas. Lodewyk berisp die derde stand, gee bevel dat die stande apart moet byeenkom en verdaag die vergadering. Daarop verwyder die koning hom, en adel en 'n deel van die geestelikes volg hom, maar die derde stand bly sit. Die koninklike seremoniemeester, wat die saal wil sluit, vra die agterblywendes of hulle die bevel van die koning nie gehoor het nie. Hierop roep een van die lede, Mirabeau, wat weldra 'n groot rol sou speel: "Sê aan u meester, dat ons hier is deur die wil van die volk, en dat ons alleen voor die geweld van bajonette sal wyk." Die seremoniemeester verlaat die saal, en Siéyès neem kalm die woord: "Here, ons is vandag, wat ons gister was; laat ons voortgaan met ons beraadslagings." Vier dae later versoek Lodewyk self adel en kerk om hulle met die derde stand te verenig. Die eerste botsing tussen die koning en die volksverteenvoordiging loop so op 'n belaglike neerlaag vir die koning uit.

Nou volg die gebeurtenisse mekaar snel op. Tot-nog-toe was dit alleen 'n worsteling tussen *bourgeoisie* en bevoorregtes, maar 'n nuwe faktor begin hom in die stryd te openbaar, nl. die gepeupel van Parys. Marie Antoinette en die reaksionêre kringe om die koning oefen druk op hom uit, en Necker wat as minister van finansies ten gunste van hervormings was, kry op 11 Julie sy ontslag. Die berig hiervan bring die bevolking van Parys op die been. Veral uit die agterbuurtes stroom die opgeruide gepeupel saam. Hulle soek 'n mikpunt en vind dit in die Bastille, 'n groot vesting in die hart van die stad, die simbool van koninklike dwinglandy. Hierin tog, soos trouens ook in ander gevangnisse deur die land, kon 'n persoonlike bevel van die koning, 'n sogenaamde *lettre de cachet*, enige persoon onverhoord tot lewenslange opsluiting veroor-

deel. Op 14 Julie maak 'n volksooploop 'n aanval op die Bastille en oorrumpel die garnisoen. Laat in dieselfde nag word die val van die Bastille aan die koning in Versailles gerapporteer. Hy was reeds in sy slaapkamer. Hy slaan die hande op en sê: "Maar dit is 'n opstand (une révolte)!" "Nee majesteit," antwoord die boodskapper, "dit is die rewolusie (la révolution)!"

En so was dit ook! Die Franse omwenteling het begin. Die berig van die gebeurtenisse in Parys het ook die platteland in oproer gebring. Die boere en pagters, deur die seëpraal van die Paryse gepeupel aangemoedig, steek die kastele van hulle adellike onderdrukkers aan brand en weier om verder belastings te betaal. Dit was uit met bevoorregting in Frankryk. Ook die adellike en geestelike lede van die Nasionale Vergadering moes dit insien, en in die gedenkwaardige nagsitting van 4/5 Augustus het hulle met mekaar gewedywer om afstand te doen van alle privilegies. Die here het hulle gesag oor hulle pagters, wat hulle reeds kwyt was, formeel laat val; voor die gereg en in die openbare lewe sou almal voortaan as burgers gelyk staan; en die belastingsvryheid van die hoërstande sou verdwyn.

In die tussentyd moes die orde gehandhaaf word. Die koning was daartoe nie in staat nie. Hy kon dit nie waag om te veel troepe na die hoofstad en sy omgewing te laat kom nie. Die volksverteenwoordiging, terwyl dit besig was om "die regte van die mens" uiteen te sit, neem dus ook hierdie saak in sy hand. 'n Nasionale Garde van vrywilligers word orals op die been gebring en Lafayette tot opperbevelhebber daarvan aangestel. Die Nasionale Vergadering had dus ook nou 'n leër, en teenoor die koning was sy mag baie groot. Teenoor die gepeupel van Parys, egter, wie se gevaarlike hulp die burgerlike klasse ingeroep het, vertoon hulle hul hoe langer hoe swakker. Die handlanger dreig om baas te word. Op 5 Oktober trek duisende vrouens, meesal uit die agterbuurtes van Parys, na Versailles. Honger dryf hulle, want daar was groot gebrek aan brood in die hoofstad. Hulle besoek die Nasionale Vergadering, en in die nag dring hulle die koninklike paleis binne. Lafayette met die Nasionale Garde slaag eindelik daarin om die menigte die slot te laat ontruim, maar die volgende dag moes die koninklike famielie die wilde vroueskaar na Parys vergesel. Lodewyk neem daar sy intrek in die Tuilerieë, 'n heerlike paleis, wat egter in werklikheid sy gevangenis was. Die Nasionale vergadering verhuis ook kort hierop na die hoofstad. Die gepeupel behaal

DIE GROOT INEENSTORTING IN EUROPA.

so die oorwinning en domineer hoe langer hoe meer die posiesie.

Vir 'n tyd kom daar nou rus, en die Nasionale Vergadering gebruik die tyd om 'n konstitusie vir Frankryk op te stel, maar die radikale elemente, deur die gepeupel gesteun, sou daarmee nie tevrede wees nie. Mirabeau probeer om die monargie te red. Hy wou 'n konstitusie hê, enigszins soos die van Engeland, met 'n koning wat 'n belangrike rol daarin sou speel. Dit geluk hom egter nie om sy planne heeltemaal deur te voer nie. Die kragte wat van onder af opbruis was vir hom te sterk, en sy verlede was teen hom. Gabriel Honoré de Requetti, graaf van Mirabeau, was die uitstaande figuur in die Nasionale Vergadering. Hy het 'n reusegestalte en 'n reuse-intellek gehad, maar 'n wilde en onsedelike lewe het selfs sy ystersterk gestel begin aantass en hom in 'n slegte reuk by die volk gebring. Ofskoon 'n edelman, het hy hom met die saak van die derde stand vereenselwig, en is hy as een van sy verteenwoordigers gekies. Met onuitblusbare geesdrif en moed en met meeslepende welsprekendheid het hy gehelp om die ancien régime omver te gooi, maar hy wou die nuwe Frankryk op 'n historiese fondament opbou. Hy het ook veel tot stand gebring. Dat die konstitusie van die jaar 1791 nie nog meer rewolusionêr was nie, is grotendeels sy werk gewees.

Volgens hierdie konstitusie sou Frankryk 'n konstitusionele monargie word. Lodewyk. "by die gracie van God en deur die grondwet van die staat koning van die Franse," is hoof van die uitvoerende mag, voer bevel oor leër en vloot, verteenwoordig die staat teenoor die buiteland, het die veto-reg, maar nie ten opsigte van 'n driemaal herhaalde besluit van die volksverteenvoordigers nie, benoem en ontslaan die ministers wat verantwoordelik is. Die volksverteenvoordiging, waarin die ministers geen stem het nie, bestaan uit één kamer, en die lede word op 'n indirekte manier, maar op 'n demokratiese grondslag deur die volk gekies. Die ou provinsies verdwyn, en Frankryk word op 'n geografiese grondslag in 83 departemente met onderafdelings verdeel. Die parlemente word afgeskaf, die regters word deur die kiesers vir 'n bepaalde tyd gekies, en vir kriminele sake word die juriestelsel ingevoer. Die grondbesit van die kerk word staats-eiendom, die biskoppe en priesters staatselenaars. Hulle word deur die kiesers gekies en deur die staat gesalarieer.

Van hierdie teoretiese staatsgebou is nooit veel tereg gekom nie. Mirabeau, wat die konstitusionele monargie miskien tot 'n werklikheid kon gemaak het, sterf op 4 April 1791, en

met sy dood is die laaste band tussen volk en koning gebreek. Die belangrikste onmiddellike praktiese gevolg van die werk van die Nasionale Vergadering was die veranderings op kerklike gebied, en die vroom gemoed van Lodewyk XVI is juis daardeur diep geskok. Aan die anderkant weer was dié veranderings juis die finansiële basis, waarop die konstitusie en die rewolusie moes berus. Die staatskas was leeg, en die sogenaamde assignate is uitgegee, en die dekking daarvoor sou die gekonfiskeerde kerklike grondbesit wees. Daar was dus 'n groot wrywingsgrond tussen Koning en Nasionale Vergadering. Lodewyk probeer om los te kom van 'n volksverteenvoording, wat sy heiligste oortuigings geweld aandoen en hom 'n grondwet gaan opdring, wat hom hoogs onaangenaam was. Baie edele het reeds Frankryk verlaat, en langs die Ryn was hulle besig om 'n aanval teen die rewolusie te organiseer. Lodewyk stel hom in verbinding met hulle en met sy swaer, keiser Leopold II van Oostenryk, wat hom ondersteuning beloof, en in die nag van 20/21 Junie 1791 verlaat die koninklike famielie in die geheim die hoofstad en onderneem die reis na die noordgrens. Hulle bereik byna hulle doel, maar Drouet, die posmeester van die dorpie St. Ménéhould, 'n vurige aanhanger van die rewolusionêre party, herken die koning. Hy bring die bevolking op die been, en in die volgende dorpie, Varennes, word die koninklike koets gekeer, en Lodewyk XVI, altyd die gedweë speelbal van die noodlot, laat hom en sy geselskap sonder verzet weer na Parys bring. Dit was feitlik die end van die koninklike gesag. Lodewyk verloor totaal die vertroue van die volk. Die Nasionale Vergadering skors hom in die uitoefening van sy koninklike mag en laat hom goed deur Lafayette in die Tuilerieë bewaak. In September is hy wel weer in sy posiesie herstel, maar dit was veral om sy goedkeuring vir die konstitusie te kry. Hy aarsel tien dae lank, maar op 14 September verskyn hy in die vergadering om die konstitusie te onderteken en 'n eed daarop af te lê. Op 30 September 1791 sluit die Nasionale Vergadering sy sittings, en die wetgewende liggaam deur die grondwet bepaal, sou sy plek inneem. Dit sou 'n heeltemal nuwe liggaam wees, want die Nasionale Vergadering het die besluit aangeneem, dat geeneen van sy lede daarvoor gekies kon word nie.

§ 3. Die Wetgewende Vergadering.

In Oktober 1791 kom die nuwe Wetgewende Vergadering in Parys byeen. In die tussentyd het die radikale elemente nog meer die oorhand gekry. In Parys en ander stede is rewo-

DIE GROOT INEENSTORTING IN EUROPA.

lusionêre verenigings, of klubs, gestig. Die belangrikste was die van die Jakobyne, wat openlik teen die konstitusie begin agitêer en 'n republiek wou hê. Robespierre, 'n geletterde advokaat uit Arras, 'n koue, ingetoë, deftig-geklede man, het hom as lid van die Nasionale Vergadering nog op die agtergrond gehou, maar tree nou met sy ultra-rewolusionêre idees aan die dag. Naas hom moet ons Danton noem, 'n vurige siel, die Mirabeau van die gepeupel. Dan was daar nog Marat, 'n smerige koerantskrywer, wat met sy blad, die Volksvriend, die gepeupel meer en meer teen die gehate aristokrate opswaep en tot die uiterste aanhits.

In die Wetgewende Vergadering het dit gou geblyk dat die *Feuillants*, die voorstanders van die konstitusie, nie oor 'n meerderheid beskik nie, en dat die republikeinse groepe in invloed toeneem. Die belangrikste oorsaak hiervan was die houding van die hof teenoor die buiteland en teenoor die adellike vlugteling en weerspannige priesters. In Augustus 1791 het Leopold II van Oostenryk en Frederik Willem II van Pruise by Pillnitz die haglike toestand van Lodewyk XVI bespreek en 'n deklarasie uitgevaardig, waarin al die Europese moondhede uitgenooi is om mee te werk tot die herstel van die monargie en die orde in Frankryk. Dié deklarasie was nie baie ernstig bedoel nie, en toe Lodewyk kort daarna die eed op die konstitusie aflê, het Leopold gou die vorste laat weet dat die aanleiding tot intervensie voorlopig verval het. Die verhouding tussen die Wetgewende Vergadering en Oostenryk het egter gestrem gebly, en die koning het reeds deur sy vlug bewys dat hy sy heil by die vyande van die rewolusie wou soek. Die lug was vol gevare. 'n Inval uit Duitsland, deur die vlugteling op tou gesit, kon maklik plaasvind, en in Frankryk was daar duisende priesters wat geweier het om die eed op die konstitusie te sweer en dus ook as vyande moes beskou word. In Maart 1792 sterf Leopold II, die versigtige keiser, en word opgevolg deur sy seun, Frans II, wat onmiddellik 'n meer uitdagende toon teenoor die rewolusie aanslaan. Die vermoede het bestaan dat Marie Antoinette met haar Oostenrykse famielie in briefwisseling verkeer en hulle tot vyandelikhede aanspoor. In die Wetgewende Vergadering is sy in bedekte bewoording heftig aangeval en met die dood bedreig. Teen die end van die jaar 1791 het die Wetgewende Vergadering twee belangrike besluite geneem: die gevlugte edele moes terugkeer, anders sou hulle besittings verbeurd verklaar word; en priesters wat die eed op die konstitusie nie wou aflê nie, sou geen salaris meer ontvang nie.

Lodewyk het sy vetoreg ten opsigte van albei besluite gebruik, en daardeur slegs meer suspesie en teenstand verwek, en die republikeine kry nou definitief die oorhand in die Wetgewende Vergadering.

So kom die Girondyne, 'n gematigde republikeinse party, aan die bewind, en die koning moes 'n ministerie wat hulle vertrou had, aanstel. Die Girondyne, met die regeringsmag in hulle hand, stuur nou op oorlog met Oostenryk af. Hulle wou daardeur hulle posisie versterk en die rewolusionêre idees oor die grense van Frankryk dra. Robespierre versit hom hierteen, want hy vrees reeds dat die oorlog op 'n militêre diktatuur, wat die dood van die rewolusie moes beteken, sou uitloop, maar sy aanhangers in die Wetgewende Vergadering is oorstem, en op 20 April 1792 moes Lodewyk as konstitusionele vors op raad van sy ministers die oorlog aan Oostenryk verklaar. Nou loop die gevoelens hoe langer hoe hoër. Die gevaar uit Duitsland was dringend, want Pruise sluit hom by Oostenryk aan, en die gerugte van verraad in die onmiddellike omgewing van Lodewyk XVI neem daaglik toe. Op 20 Junie raak die gepeupel van Parys weer in beweging. Hulle leier was Santerre, 'n populêre bierbrouer, maar agter die oploop was ook die onheilspellende figure van Robespierre en Danton, die demagoog, en Marat. Die gepeupel dring die Tuilerieë binne. Ure lank bedreig en beledig hulle vir Lodewyk en Marie Antoinette. Die koning moes b.v. die rooi rewolusiemus opsit, maar hy gedra hom standvastig. Hy weier om deur die opheffing van sy veto sy beskerming van die priesters terug te trek. Lafayette, diep ontsteld oor die loop van sake, kom van die front, maar hy bring sy leër nie saam nie, en hy vind dat hy magteloos is om die stroom te keer. Selfs die hof wou niks met hom te doen hê nie, want Marie Antoinette het hom sy aandeel aan die rewolusie nie vergewe nie en wou nie deur hom gered word nie. Hy moes onverrigtersake na die leër terugkeer, 'n verdagte en teleurgestelde man.

Intussen staan 'n groot Oostenryks-Pruisiese mag onder die hertog van Brunswyk op die grens, en die voorbereiding vir die opmars teen Parys was byna klaar. Die Wetgewende Vergadering verklaar die vaderland in gevaar, d.w.s. stel Frankryk onder die krygswet. Duisende vrywilligers stroom na Parys of na die grens om die vryheid en die vaderland te red, en vir die eerste keer hef hulle die rewolusielied aan, die *Marseillaise*. In hierdie kritieke tyd vaardig die hertog van Brunswyk 'n heftige manifes uit, gerig aan die Franse volk, waarin hy o.m. Parys met totale verwoesting bedreig as die

DIE GROOT INEENSTORTING IN EUROPA.

koninklike famielie in die Tuilerieë weer beledig word. Die manifes was soos 'n rooi doek vir 'n reeds beangstigde en kwaai bul. Die Franse volk het rasend geword, en die Wetgewende Vergadering verloor die leiding. Die heerskappy van die gepeupel breek aan, en Danton veral was hulle aanvoerder.

Reeds teen die end van 1791 het die gemeenterade groot invloed gekry, en die demagoë het deur opsweping en intimidasie hierdie liggame met ultra-rewolusionêre persone gevul. Danton was lid van die gemeenteraad van Parys, en het verder as substituut-prokureur van die gemeente 'n offisiële betrekking gekry, wat die regterlike gesag in die hoofstad onder sy beheer gestel het. Ook Robespierre was aan die kriminele geregshof in Parys verbind. Die radikale Jakobyne het dus middels gehad om hulle wil mee deur te voer, maar hulle grootste krag het in die gepeupel van die agterbuurtes van die hoofstad gelê, en Marat, die smerige volksvriend, het die vriende van die vryheid op die hoogte gehou. In die nag van 9/10 Augustus 1792 lui die stormklokke in Parys om die volk op te roep, en groot massas beweeg hulle na die Tuilerieë. Die Nasionale Garde staan nou onder die bevel van Santerre, en afdelings daarvan sluit hulle by die gepeupel aan. Ook 'n deel van die besetting van die Tuilerieë, wat die koninklike egpaar moes bewaak en verdedig, maak gemene saak met die binnestromende menigte. Alleen sy Switserse lyfwag bly uiteindelik getrou aan die koning, en — hy offer hulle op! Ondanks die teenkanting van Marie Antoinette, die trotse keisersdogter, vlug Lodewyk met sy famielie na die gebou van die Wetgewende Vergadering en stel hom onder die beskerming van die liggaam. Die Switsers verdedig intussen die Tuilerieë op 'n heldhaftige manier, maar uiteindelik staan hulle weerloos, want hulle koninklike heer, vir wie hulle alles feil had, daartoe aangespoor deur die verteenwoordigers van die volk, stuur die bevel dat hulle moet ophou skiet. Hulle gehoorsaam, en dit kom hulle duur te staan, want baie word vermoor.

Op dieselfde dag, 10 Augustus, skors die Wetgewende Vergadering, totaal deur die gemeenteraad beheers, die koning, en kort daarna is hy met sy famielie in 'n donker gevangenis, die Tempel, opgesluit. 'n Nuwe ministerie is deur die Wetgewende Vergadering benoem, en die leier daarvan was Danton, minister van Justisie, wat sy bevel van die gemeenteraad kry. Nou is ook besluit dat die Wetgewende Vergadering vir 'n Nasionale Konvensie, wat deur algemene stemreg sou gekies word, moes plek maak. Intussen kom onrusbarende berigte van die front. Lafayette het oor die grens na die suidelike

Nederlande gevlug, waar hy 'n geruime tyd deur die Oostenrykers in hegtenis gehou is. Die rewolusionêre leër kon die vyand nie keer nie, en die grensvestings, Longwy en Verdun, word verower. Uit papiere in die Tuilerieë gevind, tree die geheime korrespondensie van die hof met die vyand duidelik aan die lig. In Parys heers kosskaarste, en deur die land verloor die assignate hulle waarde. Die rewolusie was 'n groot gevaar, maar Marat vind die verlossingswoord. Baie rojaliste was in die afgelepe weke gevang, en hy gee die raad dat alleen hulle dood die vaderland kon red. Die gepeupel juig hom toe, en in die eerste dae van September storm hulle die tronke in Parys, en koel hulle wraaklus aan die bloed van 'n duisend slagoffers.

§ 4. Die Nasionale Konvensie.

Op 20 September 1792 kom die Nasionale Konvensie byeen. Die Girondyne, wat nou die konserwatiewe regtervleuel vorm en veral aan die diktatuur van die gemeenteraad van Parys 'n end wou maak, was betreklik swak verteenwoordig. Robespierre, Danton en Marat, deur Paryse kiesafdelings benoem, behou met hulle Jakobyne, nou as die Bergparty bekend, die leiding, want hulle had die steun van die gepeupel en sy werktuig, die gemeenteraad. Tussen hierdie twee uiterstes, Girondyne en Jakobyne, was 'n groot aantal weifelende lede, en van hulle houding het afgehang, wie in die Konvensie die meerderheid sou hê. Hoe verdeeld die opinies ook was, oor een punt het daar 'n groot mate van eensgesindheid bestaan: die koningskap moes vir goed afgeskaf word. Reeds op 21 September is hiertoe besluit; en, wonderlik genoeg, gelyktydig met die uitroeping van die republiek kon die Konvensie die beslissende seëpraal van die rewolusionêre leër teenoor die vyand aan die volk bekend maak. Op 20 September het die Franse onder Dumouriez en Kellerman by Valmy die opmars van die hertog van Brunswyk gestuit, en dit nogal sonder om 'n slag te moet lewer. Oor en weer is die hele dag met kanonne geskiet, maar so ferm was die houding van die rewolusionêre troepe, en so erg het die Duitsers onder aanhoudende reëns, transportmoeilikhede en siekte gely, dat Brunswyk besluit het om die terugtog te aanvaar. Die aand sit Goethe, wat in die Duitse leër was, by die kampvuur, en hy sê aan 'n vriend: "Hier en vandag begin 'n nuwe tydvak van die wêreldgeskiedenis, en jy kan sê dat jy daarby was." Met geniale intuïesie het die groot digter, toe nog 'n jong man, die betekenis van Valmy besef.

DIE GROOT INEENSTORTING IN EUROPA.

Die rewolusie was gered. 'n Terugkeer tot die jaar 1789 was nie meer moontlik nie.

Die groot vraag voor die Konvensie was nou, wat met Lodewyk XVI of, soos hy voortaan geheet het, die burger Lodewyk Capet, moes gedaan word. Robespierre eis sy dood as “ 'n maatreef vir die publieke veiligheid,” en na heftige debatte stem eindelijk op 17 Januarie 1793 'n klein meerderheid van 387 teen 334 daarvoor. Met kristelike en koninklike waardigheid het Lodewyk in sy lot berus, en op 21 Januarie het hy die trappe van die skavot beklim, en het die valbyl van die guillotine, 'n skepping van die rewolusie, die doodvonnis aan hom voltrek.

Die berig van hierdie daad het die beskaafde wêreld diep geskok en veel daartoe bygedra om al die omliggende lande onder die wapens teen Frankryk te bring. Sommige van hulle, en byname Engeland, is egter nog sterker daartoe aangespoor deur die skitterende suksesse wat die rewolusionêre leërs juis kort tevore behaal het. Teen die end van die jaar 1792 was al die buitelandse vyande oor die grense geja, en begin die Franse generaals aanvallend op te tree. Aan die Ryn open Spiers, Worms, Mainz en Frankfort agtereenvolgens hulle poorte vir Custine, en die burgery begroet die Franse as bevryers. Intussen dring Dumouriez België binne, en in November 1792 was die hele land in sy mag, en sien die Patriotte in Noord-Nederland reeds met verlange en hoop uit na sy koms daarheen. Die besetting van België en die bedreiging van die Nederlandse republiek was vir Engeland 'n *casus belli*, en Pitt die Jongere, 'n waardige seun van sy grootvader, wat op vyf-en-twintig-jarige ouderdom eerste minister geword het, het in die Engelse parlement die teregstelling van Lodewyk as “die verfoeilikste daad in die geskiedenis” bestempel en die stryd met Frankryk uitgelok. Die Konvensie antwoord dadelik op 1 Februarie 1793 met 'n oorlogsverklaring, wat ook teen die stadhouer van die Verenigde Nederlande gerig was, en in Maart volg 'n verdere oorlogsverklaring teen Spanje. So staan die Franse republiek nou teenoor al die groot moondhede van Europa in 'n stryd op lewe en dood. Die groot wêreldoorlog, wat uit die rewolusie gebore is en eers met die val van Napoleon sy finale afsluiting sou vind, het begin.

In Maart 1793 kom 'n groot terugslag vir die Franse wapens: Dumouriez is by Neerwinden verslaan, en byna die hele België het weer verlore gegaan. Nog erger: Dumouriez, wat 'n leier onder die Girondyne was, maar in die geheim aan die kant van die monargie gestaan het, knoop onderhandelings

met die opperbevelhebber van die Oostenrykse troepe aan met die doel om die republiek omver te gooi. Ook hy egter, nes Lafayette voor hom, sit uiteindelik sonder 'n leër, want toe sy verraderlike plan uitlek, wou sy troepe hom nie volg nie. Hy vlug na die vyandelike leër, en verdwyn van die toneel. Sy rol was uitgespeel. Deur sy verraad het hy egter aan sy partygenote in die Konvensie groot onheile besorg. Ook hulle rol sou weldra uitgespeel wees.

Die Jakobyns, ondersteun deur die gemeenteraad van Parys, ontwikkel in hierdie benarde omstandighede verbasingwekkende energie en bedrywigheid. Op aandrang van 'n gewapende menigte, die soewereine volk in lewende lywe, wat in die vergadersaal verskyn en die hande van die ultra-rewolutionêre vlieuel versterk, laat die Konvensie 29 Girondynse afgevaardigdes, onder hulle leiers soos Vergniaud en Brissot, in arres plaas. Hierdie gewelddaad wek groot onrus in die departemente, en Danton, wat 'n burgeroorlog vrees en al die republikeinse partye teen die buitelandse vyande wou verenig, sorg dat die Konvensie in alleryl 'n nuwe grondwet, die tweede, opstel. Daarin is die referendum ingevoer, d.w.s. die besluite van die volksverteenwoordiging sou in die laaste instansie aan die kiesers vir goed- of afkeuring voorgelê word. Danton neig dus ook nou na die kant van die Girondyne, want die nuwe konstitusie sou desentralisasie en dus ook die vermindering van die mag van die Paryse gemeenteraad met hom meebring. Hierdie konstitusie is egter nooit in die praktyk verwesenlik nie.

Robespierre skei hom nou definitief van Danton. Met gevoellose onverbiddelikheid vervolg hy sy eie weg. Teenoor almal, binne- sowel as buitelandse vyande, wou hy die hoogste sentrale gesag van die republiek gekonsentreer handhaaf, en omdat die tyd so kritiek was en die gepeupel hom hulle volste vertroue skenk, het hy nou die leier geword. Sedert April 1793 het die uitvoerende mag van die Konvensie by 'n kommissie van dié liggaam, die Publieke Welvaartskommissie, berus. Danton was daar lid van, maar in Julie 1793 is hy nie herbenoem nie, en Robespierre met sy aanhangers voer daarin en in die Konvensie die botoon.

Van Julie 1793 tot Julie 1794, die periode wat as die Skrikbewind bekend is, regeer hulle Frankryk.

§ 5. Die Skrikbewind.

Robespierre het teen die binnelandse vyande, of beter gesê, teen diegene wat hy as gevaarlik beskou het vir sy eie

DIE GROOT INEENSTORTING IN EUROPA.

opvattinge omtrent die opbou en instandhou van 'n republiek, waarin Vryheid, Gelykheid en Broederlikheid sou heers, net een argument gebruik, — die guillotine. Om die pad daarheen makliker te maak is 'n Sekerheidskommissie benoem. Sy werk was om alle verdagte persone te arresteer. Dan is hulle voor 'n spesiaal ingerigte rewolusionêre geregshof gebring, en wee die ongelukkige “aristokraat” wat hier voor Fouquier-Tinville en sy kollegas moes verskyn! Bewyse was nie nodig nie; suspesie was genoeg om 'n slagoffer aan die guillotine oor te lewer; en die soewereine volk, d.w.s. die gepeupel, het die galery volgesit, en het hier, nes trouens reeds lank in die vergadersaal van die volksverteenvoording, duidelik te kenne gegee of die besluite en verrigtings in ooreenstemming met sy soewereine wil was.

In Parys en orals in Frankryk was die voltrekking van die doodstraf nou 'n daaglikse gebeurtenis, en duisende het omgekem.

In Julie 1793 is Charlotte Corday onthoof. Sy was 'n vurige bewonderaarster van die Girondyne en het hulle val aan Marat gewreek deur hom in sy bad dood te steek. Op 16 Oktober volg Marie Antoinette, die weduwee Capet, haar op die skavot. Twee weke later moes 21 van die gevange Girondynse aanvoerders hulle vermetelheid om van Robespierre in die politiek te verskil met die dood boet, en met hulle is ook 'n persoon, wat die eer van hulle teenwoordigheid nie verdien het nie, onder die valbyl gelê. Dit was Louis Philippe, hertog van Orleans, beter bekend as Philippe Egalité. Hy het hierdie naam aangeneem om sy vereenselwiging met die strewende van die rewolusie te beklemtoon, en van die begin af was sy *Palais Royal*, 'n groot kompleks van winkels, kafees, sleg-befaaamde huise ens., in Parys, die middelpunt van die rewolusionêre sameswerings. As lid van die Konvensie het hy vir die dood van sy bloedverwant, koning Lodewyk, gestem; maar dit alles kon hom nie red nie. Robespierre het hom as gevaarlik beskou, en hy moes sterf. In 1794 is die Konvensie nog verder “ge-suiwer.” Hébert met sy volgelingen is in Maart 1794 geguillotineer. Hy het daarvoor geywer om die kristelike godsdiens met wortel en tak uit te roei en die aanbidding van die Rede die plek daarvan te laat inneem. Robespierre was gereed om veel te verander. Die Gregoriaanse Kalender is b.v. deur die Konvensie afgeskaf, en 'n nuwe tydrekening wat met 22 September 1792, die eerste dag van die republiek, begin het, en waarin die desimale stelsel, 'n produk van die rewolusie, ook toegepas is, is ingevoer, maar die Hebertiste wou vir Robespierre te ver

GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA.

gaan. Op sy voorstel verklaar die Konvensie dat die Franse volk die bestaan van 'n Opperwese erken en aan die onsterflikheid van die siel glo, en op 8 Junie 1794, nadat die "godloënaars" op die gebruikelike manier onskadelik gemaak was, het Robespierre as 'n soort van hoëpriester die nuwe staatsgodsdienst met 'n groot fees ter ere van die Opperwese ingelei. By hierdie tyd het Danton ook reeds van die toneel verdwyn. Hy het hom na sy uitkakeling deur Robespierre aan die politiek onttrek om met sy jong vrouwtjie die aangename rus van die landelike lewe te geniet. Die roekelose bloedvergieting van die Skrikbewind was vir hom eindelijk egter te veel, en hy keer na Parys terug om sy magtige stem daarteen te verhef. Hy het die noodsaaklikheid van skrikmaatreëls, waarna hy byna as eerste gegryp het, nie meer ingesien nie, want die vaderland was nie meer in gevaar nie; maar Robespierre was nog te sterk, en Danton is voor die rewolusionêre geregshof gedaag. Soos 'n leeu het hy hom daar met donderende welsprekendheid verdedig, en sy regters, onder die indruk van sy redevoering en van die uitwerking daarvan op die publiek, het gewifel, maar die Konvensie lê hom die swye op, en in April 1794 moes hy met sommige van sy aanhangers die trap van die guillotine bestyg.

Die woeste geweldpolitiek van die Skrikbewind sou heeltemal onverstaanbaar wees, as ons nie daaraan herinner word nie, dat die rewolusie in 1793 werklik in gevaar was. In Wes- en Noordwes-Frankryk, in die Vendée, Bretagne en Normandië, het rojalistiese opstande uitgebreek, wat met moeite in bloed gesmoor is. Die groot stede van Middel- en Suid-Frankryk, Lyon, Marseilles, Toulon ens., het teen die dwinglandy van Parys in verzet gekom en moes ook met die wapens tot gehoorsaamheid gebring word, en daarna kon die ontevredenheid, wat in verskillende dele 'n gevaarlike gisting veroorsaak het, tennouernood deur die toepassing van die doodstraf op 'n groot skaal in toom gehou word.

Ook die gevaar van die kant van die buitelandse vyande was groot. Die Engelse oorlogskepe het die kuste bestook en die opstandelinge ondersteun. Toulon b.v. het in Augustus 1793 na die aankoms van 'n Engelse vloot die republikeinse regering 'n geruime tyd getrotseer, maar die rewolusionêre troepe, veral as gevolg van die strategiese bekwaamheid van 'n jong offisier, Napoleon Bonaparte, het uiteindelik daarin geslaag om die Engelse tot die ontruiming van die stad en die hawe te dwing. Op die noordgrens het die neerlaag by Neerwinden en die verraad van Dumouriez noodlottige gevolge

DIE GROOT INEENSTORTING IN EUROPA.

gehad, en veel sou moet gedaan word om die verlore terrein terug te wen.

Gelukkig vir Robespierre het hy in die Welvaartskommis-sie 'n geniale militêre organisator gehad. Dit was Carnot. Hy was verantwoordelik vir die administrasie van die leër en het dus die posiesie van oorlogsminister beklee. Carnot het wondere verrig. Op sy aandrang het die Konvensie in Augustus 1793 die algemene diensplig in Frankryk ingevoer, en deur die sogenaamde *levée en masse* het die leër weldra tot 850,000 aangegroei. Hier vir die eerste keer in die moderne geskiedenis vind ons 'n volk onder die wapens, die natuurlike uitvloeisel van volksregering. Nege groot fabrieke, waarin die nuutste wetenskaplike metodes, b.v. om staal hard te maak en die kwaliteit van kruit te verbeter, gevolg is en kerkklokke in kanonne en gewere, en ou perkamente in patroondoppe verander is, het die kolossale leër van krygsmateriaal voorsien. "Die republiek was 'n beleërde stad, en Frankryk één groot armee." Die offisiërsrang, wat vroeër die voorreg van die adel was, is natuurlik vir almal toeganklik gemaak, en in hierdie leerskool, waar promosie volgens verdienste was, het Napoleon en sy groot generaals hulle kwaliteite getoon en opgekom. Die krag, wat in die rewolusie geskuil het, die krag van 'n idee deur 'n geesdriftige volk gedra en voortgeplant, het hom eerste op militêre gebied geopenbaar, en 'n verbaasde Europa, aan ou gezykte instellings gebind, moes weldra onder die mokerslae van die rewolusionêre leërs hom op hierdie gebied, soos later ook op ander gebiede, op die grondslag van die rewolusie reorganiseer. Ook die oorlogstaktiek is ingrypend verander. In die agtiende eeu was die lynformasie met salvovuur die basis van die krygsoperasies. Carnot kon met sy groot voorraad aan manskappe, wat met 'n geesdrif, onbekend onder die huurlinge van die ancien régime, vervul was, 'n nuwe taktiek gebruik. Na deeglike artillerievoorbereiding het die rewolusionêre resjimente in massaformasie die vyand stormgeploeg en sy dun-uitgestrekte lyne gebreek. Carnot het die oorwinning nie slegs voorberei en moontlik gemaak nie; hy het dit ook verwag en geëis. Kommissarisse van die Konvensie het gereeld die leërs besoek, en dit was 'n gewaagde ding vir 'n generaal om 'n slag te verloor. Hy kon maklik na Parys ontbied word en onder die guillotine te lande kom.

Voor die end van die jaar 1793 kon die republiek weer aanvallend optree. Die binnelandse onluste was onderdruk, die Engelse was uit Toulon geja, en die Franse leërs onder Pichegru, Jourdan en Hoche het op die noordfront belangrike suksesse behaal. Die vooruitsigte vir die geallieerdes was donker.

Daar was tweedrag onder hulle. Oostenryk en Pruisie was juis besig om met Rusland die laaste reste van Pole onder mekaar te verdeel, en in die begin van 1794 laat die Oostenrykse minister aan Engeland weet, dat sy regering nie meer kans sien om die suidelike Nederlande teen die Franse te verdedig nie. Na die slag by Fleurus in Junie 1794 val hulle dan ook totaal in die hande van die Franse, en gedurende die winter van 1794/5 trek Pichegru met 'n groot leër die gebied van die Nederlandse republiek in. In Januarie 1795 was hy in Amsterdam, waar die Patriotte hom met gejubel begroet het. Die stadhouer vlug na Engeland; en as Bataafse Republiek sluit Noord-Nederland, nou volkome onder die beheer van die anti-stadhouerlike party, 'n hegte alliansie met Frankryk.

Die Skrikbewind het die Franse republiek gered, maar deur sy sukses het hy sy eie ondergang beseël. Die Franse volk had reeds lank die land aan die binnelandse terrorisme van Robespierre en sy partygenote. Na Fleurus het die Skrikbewind sy bestaansreg verloor, en die opposisie wat onder die skaduwee van die guillotine die swye bewaar het, tree kragtig op. In die sitting van die Konvensie van 27 Julie 1794 waag 'n lid dit om Robespierre aan te val. Die vroeër gevreesde leier bestyg die spreekgestoelte, maar 'n onbeskryflike tumult breek los, en hy kan geen gehoor vind nie. "Weg met die tiran," klink dit van alle kante. Die voorsitter herstel gedeeltelik die orde, en Robespierre, doodsbleek en met skuim om die mond, stamel 'n paar onsamehangende woorde. "Die bloed van Danton verstik jou," word hom toegeroep, en 'n lid stel voor dat hy in arres geplaas word. Met akklamasie word hierdie voorstel aangeneem, en die gevalle tiran met enkele van sy aanhangers word deur die geregdienswaarders verwyder. Die gemeenteraad maak 'n laaste poging om hulle te red. Robespierre en sy vriende is met geweld bevry en in triomf na die stadhuis gebring; maar die Konvensie het oor genoeg troepe beskik om die verset van die gemeenteraad neer te slaan, en op 28 Julie het Robespierre met twintig van sy aanhangers onder die valbyl gesterf. Dieselfde vonnis is 'n dag of wat later aan sewentig lede van die gemeenteraad van Parys en twaalf lede van die rewolusionêre geregshof voltrek. In November volg dan nog die sluiting van die Jakobyne klub op las van die Konvensie.

Die Skrikbewind was op 'n end! Ook die rewolusie sou weldra sy afsluiting en sy meester vind.

§ 6. Frankryk kom tot Inwendige Stabiliteit.

Na die val van Robespierre het die gesag weer by die Kon-

DIE GROOT INEENSTORTING IN EUROPA.

vensie berus, en hierdie merkwaardige liggaam, wat gedurende sy lang ampstyd soveel wisseling en onrus om hom sien plaas gryp het, beywer hom nou in die laaste maande van sy bestaan om die orde in Frankryk te herstel en aan die republiek 'n vaste konstitusionele basis te gee.

'n Nuwe grondwet is opgestel wat die doodgebore skepping van Danton moes vervang, en die hoofpunte daarin was as volg: Die uitvoerende gesag sou berus by die *Directoire*, 'n kollege van vyf lede, wat deur die volksverteenwoordiging sou gekies word; die wetgewende mag is in die hande van twee kamers gestel, die Raad van die Vyfhonderd, wat die wette sou opstel, en die Raad van die Oues, wat hulle moes bekragtig of verwerp. Die lede van hierdie twee liggame sou indirek deur die volk gekies word, maar om kieser te wees moes iemand 'n sekere som aan belastings betaal; die algemene kiesreg van die jaar 1792 is dus afgeskaf.

Die uitstaande kenmerk van hierdie grondwet, 'n produk alweer van die vrugbare brein van Siéyès, die konstitusionele raadgewer van die rewolusie, was die neiging wat daarin opgesluit lê om die regering van Frankryk op 'n vaste en veilige basis te bring. Die rustelose stedelike gepeupel, asook die landelike proletariaat, verdwyn van die kieserslys, en vir soveel veiligheidskleppe is voorsiening gemaak, dat iemand wel die vrees kon koester, dat dit die staatskip onder hierdie grondwet in die eerste plek aan stoomkrag sou ontbreek. Die skeiding van die regeringsmagte is prinsipiël deurgevoer, en om seker te maak dat administrasie en wetgewing nie outokraties sou optree nie is albei aan bande gelê: 'n vyfhoofdige opperbestuur, wat aan die volksverteenwoordiging verantwoordig verskuldig was, sou nie so lig die weg van Robespierre bewandel nie, en die twee wetgewende kamers sou mekaar mooi in toom hou. Dit was in elk geval die bedoeling van Siéyès en sy vriende, maar hulle het hul misreken. Na die val van Robespierre is die stabiliteit tot 'n sekere mate in Frankryk herstel; dit was egter die gevolg, nie van konstitusionele skemas nie, maar van 'n groot konserwatiewe reaksie, wat op die Skrikbewind gevolg het, en van die opkoms van 'n man wat ook die reaksie sou betuel.

Tot in die somer van die jaar 1795 moes die Konvensie verskeie kere op die gepeupel laat skiet om hulle in bedwang te hou, en in Oktober 1795 het 'n veel groter gevaar gedreig. Om te voorkom dat die Rojaliste, wie se getalle sterk aan die toenem was, in die nuwe wetgewende liggame miskien 'n meerderheid verkry, is deur die Konvensie besluit dat twee-derdes van die lede van die nuwe volksverteenwoordiging uit sy eie aftre-

GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA.

dende lede gekies moes word. Hierdie besluit het 'n opstand onder die Rojaliste in die lewe geroep. Hulle het baie partygenote in die Nasionale Garde, veral onder die offisiere gehad, en 'n leër van 20,000 man was weldra in en rondom Parys versamel. Teen hierdie mag kon die Konvensie slegs 5,000 man op die been bring, maar Barras, die regeringsopperbevelhebber, het die hulp ingeroep van 'n jong offisier, wat hom reeds teen die Engelse in Toulon onderskei het, — Napoleon Bonaparte. Op 5 Oktober 1795 het die beslissende geveg in die strate van Parys plaasgevind, en so goed het Napoleon sy kanonne opgestel, en so verpletterend was die uitwerking van sy artillerievuur, dat die rojalistiese oormag totaal verslaan is.

Die republiek was gered, en op 26 Oktober 1795 kon die Konvensie verdaag en sy funksies deur die liggame van die nuwe grondwet oorgeneem word. Die hoogste bestuurlike mag het nou berus in die hande van die vyf direkteure. Die belangrikste onder hulle was Barras en Carnot. Hulle sou nog verder die stryd teen binnelandse gevare moet voer, maar ons kan die rewolusie in Frankryk reeds as uitgespeel beskou. Napoleon Bonaparte kry as beloning vir sy hulp die opperbevel oor die leër wat in Noord-Italië teen die Oostenrykers moes opereer. Met glorie en roem omstraal sou hy daarvandaan terugkeer, en onder sy geniale leiding sou Frankryk, op die grondslag van die rewolusie deeglik georganiseer en geadministreer, die verteerende rewolusionêre vuur, maar ook die beste vrugte van die rewolusie, oor die hele Europa versprei; maar dit alles behoort tot 'n ander periode.

HOOFSTUK III.

DIE GROOT INEENSTORTING IN SUID-AFRIKA.

§ 1. Ekonomiese Bankrotskap.

Ons het gesien hoe die brief van Here XVII van 2 Oktober 1790, wat op 10 Februarie 1791 in Kaapstad aangekom het, 'n skielike end aan die fiktiewe welvaart hier gemaak en 'n nuwe periode van depressie en besuiniging ingelei het. By die ondersoek wat toe gevolg het, veral na die aankoms van die twee kommissarisse, Nederburgh en Frykenius, is die stelsel van wanbestuur en korrupsie, wat hier geheers het, baie duidelik aan die dag gelê, en ons sal vir die laaste keer ons aandag daaraan moet wy om die finale ondergang van Jan Kompanjie in Suid-Afrika in sy regte kleure te sien.

Die grondbeginsels van die Oosindiese Kompanjie, sy vas-klemming aan die handelsmonopolie en sy weiering om die beamptes goed te salarieer en 'n deeglike administrasie in sy besittings in te rig, het veral in Suid-Afrika hom baie duur te staan gekom. Die Kaap, wat slegs 'n verversingsoord vir die passerende Kompanjieskepe moes wees, het jaarliks 'n byna ewe groot tekort aangetoon as al die ander oorsese poste tesame. Ons weet dat die eenaardige boekhousistees hierby ook 'n rol gespeel het, en dat baie uitgawes op die Kaapse rekening gesit is, wat daar nie tuis behoort het nie; maar dit bly 'n feit dat die finansiële beheer van die Kaap hopeloos duur en onbevredigend was. Op slot van sake het alleen die beamptes voordeel uit die bestaande toestand getrek.

Ons herinner ons hoe die opsigters oor die hospitaal hulle sakke gevul het, en ons verneem in hierdie tyd uit die rapport van 'n ondersoekingskommissie dat die inrigting geensins aan sy doel beantwoord het nie. "In het kort kan men zeggen, dat alles wat in een hospitaal vereischt wordt totaal ontbreekt," was die bevinding van die kommissie, en 'n soortgelyke oordeel kon oor vrywel die hele administrasie uitgespreek word. Dieselfde futilliteit was kenmerkend van die hele stelsel en kan met 'n paar verdere voorbeelde opgehelder word.

Die oorspronklike plan van Here XVII, dat die Kompan-

GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA.

jie self aan die Kaap in sy eie behoeftes moes voorsien, het, nieteenstaande die feit dat die Kaap reeds anderhalwe eeu lank 'n kolonie was, nooit heeltemal verdwyn nie; en so vind ons dat die Kaapse regering in 1791 nog meer as twintig buiteposte aanhou, waarvandaan vleis, koring, ens., vir die skepe en die garnisoen moes verkry word, en waarop oor die 400 beamptes met 'n groot aantal slawe werksaam was. Hierdie plase met hulle duur administrasiekoste het vir die Kompanjie geen voordeel afgewerp nie. Hulle was slegs oorblyfsels uit 'n vroeër tyd, soos daar baie onder die Kompanjie bestaan het, wat slegs in die belang van die beamptes aangehou is. Die beamptes het hulle gebruik om in hulle eie behoeftes te voorsien. Dit was b.v. 'n ou instelling dat die goewerneur, die fiskaal e.a. die opbrengs van sekere buiteposte vir hulle kon toeëien, en hoe die res aan hulle stigtingsdoel beantwoord het, kan uit die volgende syfers afgelei word. In 1767 was daar op die Kompanjies-veeposte, volgens die offisiële opgaaf, 2,475 grootvee, daarvan het in die jaar 430 gevrek en die aanteel was 80! Die respektiewe syfers vir die jaar 1777 is 2,966, 1,293 en 86, en vir die jaar 1787 vind ons aangegee 2,421, 1,447 en 29! Die buiteposte was dus klaarblyklik niks anders as voorraadskeure vir die beamptes nie, en dat die betrokke persone hierdie feit deur onbetroubare syfers probeer bedek het, was iets waaroor niemand hom bekommer het nie.

Die handelsmonopolie van die Kompanjie, die hoeksteen van sy hele bestaan, was aan die Kaap in die praktyk nie meer voorhande nie. Teoreties was die Kompanjie die enigste importeur en eksporteur in al sy besittings; in werklikheid egter was die handel van die Kompanjie slegs 'n klein deeltjie van die omset wat in Tafelbaai plaasgevind het. Die onwettige handel met die buiteland het langs twee kanale gegaan, — deur middel van die vreemde besoekers en van die offisiere op die Kompanjieskepe, en die grootste deel van die fiskaal se inkomste, wie se eerste plig dit was om die smokkelhandel te keer, het juis uit die fooie bestaan wat hy van die wetbrekers getrek het. Waar die hoogste kontroleur gewend was om sy karige salaris (1,500 gulde per jaar!) op hierdie manier o.a. aan te vul, is dit natuurlik geen wonder dat sy ondergeskiktes en die Kaapse burgers die verbode privaathandel ywerig gedryf het nie. Die treurigheid was egter dat dit op slot van sake tog sluikhandel was, en dat 'n gesonde ekonomiese verkeer met die buiteland, waaruit 'n deeglike handelselement in Kaapstad kon ontstaan, nie daaruit kon gebore word nie.

Die voorgestelde poging van die Kompanjie om die handel

DIE GROOT INEENSTORTING IN SUID-AFRIKA.

in sy hele omvang as sy prerogatief te behou, het 'n onnodige groot beampteliggaam in die lewe geroep. In 1790, toe die siviele blanke bevolking van die kolonie \pm 14,000 siele getel het, was hier, afgesien van die garnisoen en die Kompanjieslawe, oor die 1,500 beamptes. Almal was uiters sleg besoldig (ons herinner daaraan dat die goewerneur slegs 2,400 gulde per jaar gekry het), en dit was in hulle belang om soveel geld soos moontlik deur hulle hande te laat gaan, aangesien hulle 'n deel daarvan vir hulle self kon terughou, m.a.w., die Kompanjie, om te besuinig, het klein salarisse ingevoer, en die beamptes, om die geringe besoldiging aan te vul, het die administrasiekoste verhoog en so die doel van die Kompanjie uiteindelik tog verydel.

Waar die Kompanjie in sy verstoktheid sy eie belange nie meer kon raaksien nie, en op sy eie terrein, nl. die handel, so sterk aan die agteruitgaan was, spreek dit byna vanself dat sy administrasie van die Kaapkolonie as 'n geheel ook baie swak sou gewees het. Dat die Kompanjie die kolonie as 'n geheel geadministreer het, is reeds te veel gesê. Die belangstelling van Here XVII was vrywel tot Kaapstad beperk, en die werklike mag van die Kaapse regering het ook nie veel verder gegaan nie. Die landdroste was wel die besoldigde verteenwoordigers van die sentrale regering in die verskillende distrikte, maar met sy eie onbesoldigde heemrade en krygsoffisiere was elke distrik of "kolonie," soos die uitdrukking was, in baie opsigte onafhanklik van Kaapstad. Elkeen moes uit sy eie inkomste, — die vernaamste was die Lœu- en Tiergeld, — sy eie administrasie- en verdedigingskoste dek. Die Politieke Raad het slegs by groot operasies met ammunisie gehelp. Of die distriksbelasting betaal is of nie, het die Kaapse regering koud gelaat. Die werk van die landdroste is nie gekontroleer nie. Selfs by die invordering van die tiendes en rekogniesiegelde, die opbrengs waarvan in die kas van die sentrale regering moes vloei, was geen behoorlike toesig nie, en ons sal weldra sien dat slegs 'n klein breukdeeltjie daarvan Kaapstad bereik het.

Nederburgh en Frykenius het nie daarin geslaag om aan al hierdie misstande 'n end te maak nie. Nog minder het dit hulle geluk om die ekonomiese toestand in die algemeen te verbeter. By hulle aankoms in Junie 1792 het hulle gevind dat die besuiniging waarop Here XVII aangedring het reeds vooruitgang gemaak het. Van die buiteposte en oortollige slawe was verkoop, en die bouwerk het stil gestaan. Die kommissarisse sou egter veel dieper tas, en hulle het met die smokkelhandel begin. Hulle het daar vrywel 'n end aan gemaak — met noodlottige

I

gevolge vir die koloniste. Die toestand in Europa was reeds baie onheilspellend; die getal handelskepe wat die Kaap aangedoen het, het minder geword, en dit het nie veel gekos om die vreemde linge, wat nou nie meer toegelaat was om hulle smokkelware aan die Kaap kwyd te raak, van hier weg te hou nie. Die afsetmoontlikhede vir die koloniste het dus hoe langer hoe kleiner geword, en, soos ons weldra sal sien, het kroniese oorproduksie weer ingetree.

Nou kom die kommissarisse tot die tweede punt in hulle program, die belastings. Die oues moes beter ingevorder word en nuwes moes gehief word, sodat die Kaapse regerings-tekort kon verdwyn. 'n Paar nuwe belastings is juis kort tevore ingevoer, b.v. 'n seëlbelasting en 2½ % op die koopsom van 'n leningsplaas, en die koloniste was reeds baie ongeduldig en nie in staat om nuwe laste te dra nie. Die kommissarisse was egter vas van plan om hulle opdrag te probeer uitvoer. Volgens die regeringsboeke moes daar in 1792 'n som van 47,000 riksdalers as rekogniesiegeld inkom, maar slegs 11,900 riksdalers is ingevorder. Ook die tiendes is swak betaal. Die kommissarisse vaardig dreigemente uit en trap die mense vas as hulle na Kaapstad kom om hulle produkte te verkoop. Hierdie maat-reëls het groot ontevredenheid verwek en nie veel gehelp nie, want baie boere het eenvoudig hulle togte oor die berge na die boland gestaak. Daar was trouens ook byna geen mark meer vir hulle in Kaapstad nie.

Die grootste ontevredenheid het egter eers uitgebars toe die kommissarisse daartoe wou oorgaan om addisionele nuwe belastings in te voer. Veral 'n boedelbelasting het die mense in rep en roer gebring, en ons vind weer dat die burgerrade en die heemrade vir die koloniste by die regering intree. Die kommissarisse weier eers om die burgerrade as die verteenwoordigers van die koloniste te ontvang en onderhandel met die kommissie uit die Raad van Justisie, wat 'n tiental jare tevore ingestel was en uit drie beamptes en drie burgers bestaan het. Die opgewondenheid het egter so groot geword, dat Nederburgh en Frykenius uiteindelik die verteenwoordigende bevoegdheid van die burgerrade erken het, maar hulle het terselfdertyd die verhogings en nuwe belastings afgekondig, en die koloniste wat hulle nie kon ontduik nie moes betaal. Onder die nuwe belastings was een wat volgens 'n skaal op die verkooppryse by vandesies moes gehief word. Ook hierteen was veel objeksie, en ofskoon die vandesies die mark van die boer en groot gesellige byeenkomste was, het die koloniste vir 'n tyd geweier om hulle te ondersteun. By verskillende geleenthede kon die afslaer geen

DIE GROOT INEENSTORTING IN SUID-AFRIKA.

bod kry nie, maar eindelijk het 'n ou vrou in die Pêrel, deur te bied, 'n slaaf baie goedkoop gekry, en daarna het die kooplus ook die ander aanwesiges beetgepak. Die staking onder die kopers het so doodgeloop, en die regering het 'n nuwe bron van inkomste gehad.

Belastings sou die ekonomiese posiesie egter nie red nie, want die belastingbetalers was reeds vir 'n groot deel geruïneer. Ons het reeds daarop gewys dat die koloniste alweer sonder 'n goeie mark vir hulle produkte was. Die oorproduksie wat hierop gevolg het, was gedeeltelik die resultaat van maatreëls deur die regering getref. Tot 1790 het die Kaapse regering b.v. op verskillende maniere die graanbou aangemoedig. Plase is by Mosselbaai vir hierdie doel uitgegee, en 'n skip sou jaarliks die koringoes daarvandaan na Kaapstad vervoer. Binne 'n paar jaar was daar weer 'n groot onverkoopte koring-surplus, en die regering het die sending van die transportskip gestaak en die graanboere by Mosselbaai aan hulle lot oorgelaat. So groot was die surplus in 1794 dat volgens die regering alleen 'n droogte redding kon bring! Die toestand van die wynboere was net so sleg soos die van die graanbouers. Ook vir hulle produk was daar byna geen afset nie. Die kommissarisse het wel 'n soort soort van "vrye vaart" probeer inrig om die koloniste die geleentheid te gee om hulle produkte in hulle eie skepe na Europa te stuur en vandaar ware te ontbied, maar ook hierdie maatreël was onbekook en het slegs die posiesie slegter gemaak. So 'n koloniale skeepvaart kon tog eers met die tyd en onder gunstige omstandighede ontwikkel.

Terwyl die inkomste van die boere, as gevolg van die slegte mark, tot 'n mienimum gedaal het, moes hulle baie hoë pryse vir alle ingevoerde artikels betaal. Hierdie styging in die prys van oorsese ware het saamgehang met die geldpolitiek van die regering. Die land was oorstroom met minderwaardige papiergeld. In 1791 was daar reeds weer oor 'n halfmiljoen kartonriksdalers in omloop aan die Kaap, en aangesien die Kompanjie langsamerhand opgehou het om klinkende munt hierheen te stuur en die harde geld wat hier was deur die minderwaardige papiergeld verdring is, moes die Kaapse regering keer op keer meer kartonriksdalers in omloop bring om die koloniste van kontantgeld te voorsien. Vir hierdie doel het die kommissarisse in 1792 'n Leningsbank in Kaapstad gestig. Die kapitaal van die bank het uit kartonriksdalers bestaan, wat aan die koloniste op verbande uitgeleen is. Hierdie instelling het egter ook nie veel gehelp nie. Dit was 'n wanhoopsdaad. Die koloniste was weldra diep in die skuld by die bank, en oorsese benodighede

kon hulle met die Kaapse geld nie koop nie. In 1795, toe die Engelse die Kaap verower het, was hier 1,290,000 riksdalers in papiergeld in omloop.

Die koms van Nederburgh en Frykenius het die ekonomiese posiesie dus nie verbeter nie. Hulle het wel die fooistelsel ingekort en korrupte praktyke teengewerk, maar hulle vernietiging van die privaathandel het die laaste reste van 'n ope mark weggevee, en hulle belastingspolitiek het swaar op die koloniste gedruk. Toe die kommissaris in September 1793 hulle reis na Indië voortsit, het hulle 'n bankrotpul hier agtergelaat. Abraham Sluysken sou as kommissaris die regering verder lei, maar dit was te voorsien dat hy nie veel sou kon uitrig om sake te verbeter nie. Die Kaap was aan 'n sterwende liggaam gebind, en dit was duidelik dat die Oosindiese Kompanjie die groot rewolusionêre onweer, wat oor Europa losgebars het, nie sou deurstaan nie. Nederburgh het nog voor sy vertrek uit Nederland in 'n skrifstuk oor die toestand van die Kompanjie gesê: "Het banqueroet is onvermydelyk." Al die pogings van die kommissaris was dus maar 'n deel van 'n plan om die gewisse ondergang van die eertyds magtige handelsliggaam te vertraag. Ook by sy treurige uitgang dus is die belange van die Kaap aan die van die Kompanjie opgeoffer; en dit was tog nie meer nodig nie, want in 1794 het die bankrotskap wat Nederburgh voorspel het, ingetree: die Kompanjie was nie meer in staat om die rente op sy skuld te betaal nie. Na die stigting van die Bataafse Republiek het dit dan ook opgehou om te bestaan, en 'n spesiale regerings-departement het die beheer van die Oosindiese besittings van Nederland oorgeneem.

§ 2. die Politieke Débacle.

Dit is 'n tragiese sameloop van omstandighede, dat terwyl die Oosindiese Kompanjie se mag aan die sink was, die groot Bantoe-probleem, wat die doelbewuste kraginspanning van 'n sterk regering vereis, op ons oostelike horison verskyn het. Daar was in hierdie tyd ook ander moeilikhede met die natuurlike; die Boesmans b.v. was gedurig lastig op die noordgrens, en kommando's moes dikwels teen hulle uittrek; maar die lastigheid van hierdie dwergras kan met die invalle van die Kosas nie op een lyn gestel word nie.

Die oostelike veeboere het 'n swaar tyd deurgemaak. In 1793 het 'n groot droogte die binneland geteister, en rusverstoring en wanorde het op die grens geheers. Slambie, die oom van die minderjarige Gaika, het oor die Rarabehoofde as regent die plek van sy neef ingeneem, maar daar was gedurig stryd

DIE GROOT INEENSTORTING IN SUID-AFRIKA.

tussen hom en die stamme wes van die Visrivier, en by die onderlinge stryd tussen die hoofde moes die blanke grensbewoners dikwels die gelag betaal. Hulle het egter ook moeilikhede uitgelok, aangesien sommige boere vir Slambie teen sy vyande hulp verleen het.

Die man wat in hierdie heksekettel die regering moes verteenwoordig was Maynier, die disiepel van Rousseau! Sy aanstelling in 1793 tot landdros van Graaff-Reinet was een van die laaste regeringsdade van Nederburgh en Frykenius. So erg het die diefstalle en rooftogte van die Kaffers in die winter van 1793 geword, dat die burgers van Graaff-Reinet self kommando's op die been begin bring het, maar die inval van die Kosas het sulke afmetings aangeneem, dat die verspreide en ongeorganiseerde verset van die Boere dit nie kon stuit nie, en die grensbewoners moes die Suurveld ontruim en voor die indringers vlug. Van 120 plase tussen die Kowie en die Swartkopsvivier is 116 verwoes, verskillende blankes is vermoor en duisende stuks vee is geroof. Maynier het eindelijk wakker gekryk en is in Junie 1793 na die Suurveld — om vrede te sluit! Van Slambie het hy die belofte gekry, dat die westelike stamme ongemolester oor die Visrivier kon terugkeer, 'n betekenislose toesegging, aangesien die geroofde vee reeds veilig buite die bereik van die boere was, en die bosryke streke wes van die rivier alleen deur die taktiek van Adriaan van Jaarsveld, waarvoor Maynier natuurlik teruggedeins het, van Kaffers kon gesuiwer word.

Die Kaapse regering, van die gebeurtenisse op die oosgrens verwittig, was gereed om die koloniste 'n vryer hand te verleen, en Faure, die landdros van Swellendam, het opdrag gekry om met 'n sterk kommando die grensbewoners te gaan help: die Kaffers moes oor die Visrivier geja word, en die hoofde moes gedwing word om die geroofde vee te restitueer of die boere te vergoed. Toe Maynier van hierdie bevel hoor, was hy verontwaardig, dat 'n ander sou gestuur word om die orde op die grens te herstel, en hy het ook nou 'n kommando opgeroep, maar die burgers had so weinig vertroue in hom, dat skaars 'n honderd onder hom wou dien.

Teen September was die kommando's in die Suurveld, maar die styfhoofdigheid van Maynier, wat self die opperbevel wou voer, het daartoe bygedra om die operasies te belemmer. Eindelijk is die vredeliewende Graaff-Reinsetse landdros met 'n kommando oor die Visrivier om die gesteelde vee te gaan haal. Hy het nie veel uitgerig nie, en in die tussentyd het die westelike stamme agter sy rug om weer die Kolonie ingetrek. Binne kort